

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 4

# 4 Rol en funksie van PRODUSENTE-ORGANISASIES

In Hoofstuk 5 word in besonderhede oor die stigting van Graan SA geskryf en 'n oorsig word gegee oor die rol wat dit vanaf 1999 in Suid-Afrikaanse landbou gespeel het. Dit moet egter gelees word teen die agtergrond dat die totstandkoming van Graan SA voorafgegaan is deur verskillende strukture en organisasies wat die graanprodusente se belange behartig het.



Graan SA se ontstaan is juis te danke aan die samesmelting van 'n aantal van daardie organisasies. Elkeen daarvan het sy eie interessante geskiedenis en in hierdie hoofstuk word die hooftrekke van die ontstaan en oogmerke, sowel as enkele belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van daardie organisasies aangeteken.

Elkeen van die organisasies het besondere leiers opgelewer wat wesenlike bydraes in belang van veral graanprodusente, maar ook landbou in die algemeen, gelewer het en gehelp het om die graanbedryf in Suid-Afrika op die pad van sukses te plaas.

## GEORGANISEERDE LANDBOU IN SUID-AFRIKA

Die koöperasies wat in die vroeë 1900's ontstaan het, was die eerste organisasies in Suid-Afrika wat na produsente se belange omgesien het. Dié verteenwoordiging was egter beperk tot diegene wat lid van die koöperasies was en was spesifiek op hul direkte bedryfsbehoeftes gerig. Daar het dus 'n behoefte ontstaan aan 'n organisasie wat die algemene belange van produsente in die land op 'n georganiseerde basis kon behartig.

Dit is tot 'n groot mate met die stigting van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU) in 1904 bereik. Produsente se verteenwoordiging op SALU was deur middel van 'n struktuur wat op boereverenigings gebaseer was.

Produsente het lidmaatskap van plaaslike boereverenigings verkry en verteenwoordiging op SALU het uiteindelik vanaf daardie boereverenigings opgevloei.

### AGRI SA (OU SALU) SE ONTSTAAN

Die landbougemeenskap se behoefte om na hul belange om te sien deur gesamentlike aksie binne 'n federale struktuur is reeds in 1896 tydens die Natalse Boerekonferensie (tans Kwanalu) geïdentifiseer. By 'n daaropvolgende vergadering in Bloemfontein in Desember 1903 het landbouprodusente 'n sterk behoefte aan groter eenheid binne die landbougemeenskap uitgespreek.

Tydens 'n konferensie wat van 25 tot 29 Julie 1904 in Pretoria gehou is, het dié behoefte tot die volgende besluit deur verteenwoordigers van verskeie kolonies gelei: "Dat, in die belang van die Suid-Afrikaanse landbou, die tyd ryp is om 'n sentrale Suider-Afrikaanse Landbou-unie te vorm wat verteenwoordigend sal wees van alle landbou-organisasies in Brits Suid-Afrika, en dat 'n tak-unie in elk van die kolonies gestig word, dit wil sê die Kaapkolonie, Natal, Transvaal, Oranjerivierkolonie en Rhodesië".

Die boereverenigings se bestuurslede is op grondvlak deur die geaffilieerde lede daarvan verkies. Lede van distrikslandbou-unies is uit genomineerdes vanaf die boereverenigings verkies, terwyl die distrikslandbou-unies verteenwoordigers op die provinsiale landbou-unies genomineer het. Uiteindelik is die verteenwoordigers op SALU dan uit die lede van die provinsiale landbou-unies saamgestel. Produsente het dus nie direkte lidmaatskap van SALU gehad nie, aangesien die onderskeie provinsiale landbou-unies by SALU geaffilieer het.



SALU se strukture is deur lidmaatskapfooie van geaffilieerde lede befonds totdat statutêre heffings vir daardie doel vanaf die laat 1970's ingestel is.

Binne SALU se strukture het bedryfskomitees bestaan wat die verskillende landboubedrywe, waaronder die graanbedrywe, verteenwoordig het. Die graanbedrywe is tot 1983 onder een vaandel, naamlik die Akkerbou Bedryfskomitee, hanteer. Daarna is dit verdeel in afsonderlike bedryfkomitees vir elk van die graangewasse.

Aanvanklik is die verskillende graansoorte se belange deur komitees van SALU behartig. Later van tyd het produsente-organisasies hierdie rol oorgeneem. Die eerste daarvan was die Nasionale Mielieprodusente-organisasie (NAMPO), die produsente-organisasie van die mieliebedryf. Dit is later gevolg deur die Wintergraanprodusente-organisasie (WPO) vir die wintergraanbedryf, Nasionale Oliesadeprodusente-organisasie (NOPO) vir oliesade, die Sorghumprodusente-organisasie (SPO) vir sorghumprodusente en die Droëboonprodusente-organisasie (DPO) wat na die droëboonprodusente se belange omgesien het.

## NASIONALE MIELIEPRODUSENTE-ORGANISASIE (NAMPO)

Die stigting van NAMPO op 3 Oktober 1980 is deur 'n lang en verbete stryd tussen twee groepe mielieprodusente in Suid-Afrika voorafgegaan, 'n stryd wat reeds in die 1960's ontstaan het en in die mielieproduserende gebiede van Suid-Afrika op bykans elke vlak van die samelewing verdeeldheid veroorsaak het.

### Ontevredenheid onder mielieprodusente

Dié stryd, wat op sy felste was rondom die tyd wat SAMSO gestig is, is gebore uit 'n groeiende ontevredenheid onder mielieprodusente oor die wyse waarop hulle belange oor 'n lang tyd hanteer is.

Hoewel die mielieprodusente saamgestem het met die beheerfunksie wat die Regering deur middel van die Mielieraad uitgeoefen het en gemeen het dat die eenkanaalbemarkingskema die voordeligste stelsel vir die bemarking van mielies was, was hulle ontevrede oor die wyse waarop die beheer uitgevoer is. Hulle was ook nie tevrede met die ekonomiese beleid wat gevolg is om die produsenteprys van mielies te bepaal nie.

Die produsenteprys is naamlik op die basis van produksiekoste plus 'n ondernemersloon bepaal. Die metode van berekening het 'n groot klomp veranderlikes ingesluit, wat beteken het dat dit nie moontlik was om 'n vaste formule vir prysvasstelling te gebruik nie. Dit het die gaping gelaat dat die prys en dus ook produksie gemanipuleer kon word.

In die 1953/1954-seisoen is 'n groot oorskot mielies in Suid-Afrika geproduseer. Dit het daartoe gelei dat die Owerheid 'n nuwe prysbeleid toegepas het wat nie suiwer op 'n koste-plusbasis bereken is nie, ten einde oorskotproduksie te ontmoedig. Daarbenewens is die kosteberekeningsmetode vanaf 1953 aangepas om van 'n vyfjaar-skuiwende gemiddeld gebruik te maak. In aansluiting by die Owerheid se veranderde prysbeleid het die Mielieraad 'n bemarkingsbeleid geformuleer wat van meet af aan die mielieprodusente se inkomsteposisie benadeel het tot voordeel van die verbruikers.

'n Verdere bron van ontevredenheid was die tenderstelsel wat vir die uitvoer van mielies gebruik is, omdat dit die ontwikkeling van 'n permanente mark vir mielies verhinder en onbevredigende produsentepryse tot gevolg gehad het. Kritiek daarop was ook dat dit die groothandelaars en tenderaars ten koste van die produsente bevoordeel het en die produsente die uitvoerverliese moes dra.

Bo en behalwe hierdie omstandighede het mielieprodusente se ontevredenheid met die Mielieraad en die Mieliekomitee van SALU algaande toegeneem, omdat die

produsente van mening was dat dié liggame nie hulle belange behoorlik behartig het nie. Die feit was dat al die lede van die twee liggame nie bona fide-mielieprodusente was nie, maar eerder verbruikers van mielies in wie se belang dit sou wees om die mielieprys op lae vlakke te hou. Die basis waarop die Mielieraad saamgestel is, het in praktyk daartoe gelei dat 'n kersieboer en later 'n beesboer die Voorsitters van die Mielieraad was, iets waarmee die ware mielieprodusente nie verlief kon neem nie.

Die laaste strooi vir die mielieprodusente was die weiering van die Nasionale Mieliekomitee in 1964 om op versoek van die Vrystaatse en Transvaalse Mieliekongresse 'n bedrag uit die oorskot in die Stabilisasiefonds aan produsente uit te betaal. Die versoek was gemotiveer deur die ernstige droogte wat in die voorafgaande jare in die somerreënvalgebiede geheers het en produsente finansieel geweldig verswak het.

Die besluit by die Mieliekongresse van SALU van daardie jaar was dat die Mielieraad versoek sou word om 'n agterskot van 25 sent/sak mielies aan produsente te betaal ten einde hulle in staat te stel om in die volgende seisoen weer te kan produseer. Op daardie stadium was produksielenings nog nie beskikbaar nie en was die handelsbanke nie geneë om geld vir produksiedoeleindes voor te skiet nie.

Die Mielieraad het egter die versoek geweier. Dit het tot groot ontevredenheid gelei, veral nadat dit uit die Mielieraad se notules geblyk het dat die mielieprodusente se eie verteenwoordigers daarvoor blameer kon word.

Nadat die mielieprys vir die 1964/1965-seisoen aangekondig is, het 'n groep produsente van Bothaville, waaronder mnre Fanie Ferreira, Crawford von Abo en Giep Nel, 'n reeks vergaderings in die destydse Noordwes-Vrystaat en Wes-Transvaal gehou met die doel om die noodsaaklikheid van 'n betaling uit die Stabilisasiefonds te beklemtoon en verdere optrede te beplan. Dit het gelei tot die verkiesing van Mielieprodusentekomitees in die twee gebiede, wat 'n groot steunwerwingsveldtog geloods en verskeie samesprekings met die Mielieraad, die Nasionale Mieliekomitee en SALU gevoer het, dog sonder sukses.

Die mielieprodusente se ontevredenheid oor die wyse waarop hulle verteenwoordig is en die wyse waarop hulle verteenwoordiging in die Mielieraad bepaal is, het deurentyd bly groei. Hulle het dit duidelik uitgespel dat hulle nie bereid was om langer te aanvaar dat die mieliebedryf as "algemene boerderybelange" deur 'n koördinerende sentrale organisasie (SALU se strukture) behartig word nie. Hulle het aangedring op 'n bedeling waarvolgens die mieliebedryf deur mielieprodusente verteenwoordig word en hulle dus groter seggenskap oor hulle eie belange kon verkry.

Die streeksbedeling wat die mielieprodusente voorgestel het om daardie doel te kan bereik, is egter tydens die Vrystaatse Landbou-unie se kongres op 3 Maart 1966 afgestem. As gevolg daarvan het Ferreira uit die kongres gestap, gevolg deur sowat 200 ander mielieprodusente.

**DAAR WAS VERAL TWEE STERK GROEPE PRODUSENTE WAT SELFBESKIKKING EN BILLIKE PRYSE VIR HULLE PRODUKTE GEËIS HET. DIE EEN GROEP WAS VAN BOTHAVILLE MET MNRE HENNIE DELPORT, HENNIE DE JAGER, CRAWFORD VON ABO, GIEP NEL, JANNEMAN VENTER EN LUDICK SCHLEBUSCH AAN DIE SPITS. DIE ANDER GROEP WAS VAN DIE DESTYDSE WES-TRANSVAAL (NOORDWES) MET MNRE CALLIE VAN WYK, ANDRE DU PREEZ EN JAN COMBRINK AS DIE LEIERS.**



SAMPI SE AANDRANG OP 'N SPESIALITEITSORGANISASIE BINNE DIE GEORGANISEERDE LANDBOU WAS NIE 'N NUWE KONSEP IN SUID-AFRIKAANSE GEORGANISEERDE LANDBOU NIE, AANGESIEN DIE KWV EN DIE WOLRAAD TOE REEDS AS SODANIG GEFUNKSIONEER HET. SAMPI-GESINDES WYS EGTER DAAROP DAT DIE BROEDERBOND 'N BELANGRIKE ROL IN DIE SKEPPING VAN DAARDIE ORGANISASIES GESPEEL HET, TERWYL DIE AFRIKANER BROEDERBOND DIE STIGTING VAN 'N SOORTGELYKE ORGANISASIE VIR DIE MIELIEBEDRYF TEENGESTAAN HET.

## Stigting van SAMPI

Direk daarna het die mielieprodusente op aandrang van mnre Hennie Delport en Von Abo vergader. Tydens die vergadering is besluit dat 'n mielievereniging gestig sal word wat die belange van al die mielieprodusente in Suid-Afrika sal verteenwoordig. Daar is ook besluit dat die nuwe vereniging na sy vestiging om lidmaatskap van SALU aansoek sou doen.

'n Aksiekomitee met Delport as Voorsitter, Ferreira as Ondervoorsitter en Nel as Sekretaris is verkies om die aksie te loods. Die Aksiekomitee se werksaamhede het uitgeloop op 'n vergadering op 22 April 1966 te Klerksdorp waar afgevaardigdes vanuit 62 distrikte teenwoordig was. Op daardie vergadering is die stigting van die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente Instituut (SAMPI) goedgekeur.

SAMPI het 'n mieliespesialiteitsorganisasie voorgestaan wat deel van georganiseerde landbou in Suid-Afrika moes uitmaak en dus by SALU geaffilieer moes wees. SAMPI se oogmerk was dat 'n struktuur daargestel word wat uiteindelik daartoe sou lei dat die produsentelede van die Mielieraad uit bona fide-mielieprodusente sou bestaan.

SAMPI se stigting is op die volgende vier ideale gegrond:

- Dat dit 'n volkome outonome spesialiteitsorganisasie sal wees;
- dat dit 'n nasionale organisasie sal wees sonder skeiding volgens provinsiale grense;
- dat verteenwoordiging in die Kongres op produksiebasis bepaal sal word; en
- dat dit oor 'n eie hoofkantoor en personeel sal beskik.

SAMPI se hoofkantoor is op Bothaville gevestig in 'n kantoor wat deur Von Abo aan die organisasie beskikbaar gestel is. Die kantoor is op 1 Julie 1966 amptelik geopen.

Delport is as die eerste voorsitter van SAMPI verkies. Hy het homself vir persoonlike redes aanvanklik nie verkiesbaar gestel nie, maar uiteindelik is hy deur die ander produsente wat by die stigting van SAMPI betrokke was, daartoe oorreed.

SAMPI se stryd om erkenning en selfbeskikking vir mielieprodusente het unieke leiers na vore gebring. Mnr Giel van Zyl was vanaf 1983 in diens van NAMPO, van 1992 tot die stigting van Graan SA NAMPO se Hoofbestuurder en daarna Graan SA se Hoofbestuurder tot met sy aftrede in 2001. Hy vertel dat die leiers SAMPI en later ook NAMPO se doelstellings met besondere doelgerigtheid en op 'n baie gedissiplineerde wyse nagestreef het. Hy skryf 'n groot mate van hulle sukses toe aan die besondere samehorigheidsgevoel onder die Hoofbestuurslede in hulle strewe om die saak van die produsente te dien.



**Die eerste Dagbestuurslede van SAMPI het bestaan uit (van links): mnre Hennie Delport, Giep Nel, Fanie Ferreira en Crawford von Abo. Die foto is op 6 Junie 1987 geneem.**



**SAMPI eerste Hoofbestuur vir die jaar 1966 - 1967.**

## MIELIE-LEIERSKAP VAN 1966 - 1999

| SAMPI | |
|---|---|
| **Voorsitter** | **Visevoorsitter** |
| Mnr Hennie Delport (1966 - 1969) | Mnr Fanie Ferreira (1966 - 1969) |
| Mnr Fanie Ferreira (1969 - 1980) | Mnr Hennie de Jager (1969 - 1980) |

| NAMPO | |
|---|---|
| **Voorsitter** | **Visevoorsitter** |
| Mnr Fanie Ferreira (1980 - 1982) | Mnr Hennie de Jager (1980 - 1982) |
| Mnr Hennie de Jager (1982 - 1986) | Mnr Boetie Viljoen (1982 - 1986) |
| Mnr Boetie Viljoen (1986 - 1988) | Mnr Hennie de Jager (1986 - 1988) |
| Mnr Kobus Jooste (1988 - 1990) | Mnr Jan Schabort (1988 - 1993) |
| Mnr Cerneels Claassen (1990 - 1995) | Mnr Japie Grobler (1993 - 1995) |
| Mnr Japie Grobler (1995 - 1999) | Mnr Vic Mouton (1995 - 1996) |
| | Mnr Bully Botma (1996 - 1999) |

Dr Willem Kotze is as die eerste Direkteur van SAMPI aangestel en was vir die bestuur van die organisasie verantwoordelik, onderhewig aan die besluite en opdragte van die Dagbestuur, Hoofbestuur en Kongres.

Die nuutgestigte organisasie was vir befondsing totaal op ledegelde en vrywillige bydraes van sy lede aangewys. Aanvanklik het die hoofbestuurslede van SAMPI die grootste gedeelte daarvan bygedra. Hulle het ook geen vergoeding vir hulle dienste, koste en tyd ontvang nie. Ten spyte van probleme wat soms met die insameling van ledegelde ervaar is, was SAMPI deur al die bydraes en opofferings van sy lede wel in staat gestel om sy take te kon uitvoer.


Een van die hoofredes vir SAMPI se ontstaan, was die mielieprodusente se beswaar dat die Mielieraad nie hulle belange op die hart gedra het of probeer het om dit te bevorder nie. SAMPI het deurentyd gewys op gebeurtenisse wat hierdie beswaar ondersteun het.

'n Voorbeeld daarvan het in Desember 1968 voorgekom toe SAMPI 'n geleentheid vir die vestiging van 'n uitvoermark vir mielies na Taiwan wou ontgin. Die voornemende kopers was baie beïndruk met die kwaliteit van die Suid-Afrikaanse mielies en het SAMPI versoek om te kwoteer vir die uitvoer van 40 000 ton mielies na Taiwan. Aangesien die Mielieraad alle mielietransaksies beheer het, moes SAMPI noodwendig die mielies by die Mielieraad aankoop. Laasgemelde het dit vir SAMPI aangebied teen 'n prys wat aansienlik hoër was as die heersende gemiddelde tenderprys op daardie stadium en ook hoër as die prys waarteen die Mielieraad slegs twee dae later uitvoermielies vir tenderaars aangebied het. Dié prysbelading het veroorsaak dat SAMPI die transaksie moes laat vaar.

By 'n ander geleentheid, in 1969, het die Mielieraad gedifferensieerde produsentepryse vir verskillende gebiede aangekondig, ten spyte van die feit dat selfs die Nasionale Mieliekomitee, met ander woorde ook SALU, SAMPI se beswaar daarteen gesteun het.

## Massavergadering 1969

Op 19 April 1969 is 'n massavergadering van mielieprodusente onder SAMPI se vaandel by die Markötterstadion te Klerksdorp gehou, wat deur meer as 5 000 produsente bygewoon is. Dit is as die "grootste saamtrek van mielieboere



**Video: Mnr Crawford von Abo vertel oor die gebeure wat aanleiding gegee het tot SAMPI se stigting.**



**Mnr Hennie Delport, die eerste Voorsitter van SAMPI.**

in Suid-Afrika se geskiedenis" beskryf. Verskeie kwessies in die mieliebedryf en in SALU en sy affiliasies se lidmaatskapsbeleid, waardeur SAMPI-lede van lidmaatskap uitgesluit is, is bespreek. Na aanleiding daarvan is 'n besluit geneem wat SAMPI se Hoofbestuur gemagtig het om 'n afvaardiging te benoem wat die Minister van Landbou oor die mielieprysbeleid, gedifferensieerde mieliepryse en die Mielieraad se samestelling moes gaan spreek.

Tydens die massavergadering is 'n mosie van vertroue in SAMPI se taak en sy Bestuur eenparig aanvaar.

## Spanning tussen SAMPI en SALU

Die omstandighede wat tot die uiteindelike stigting van SAMPI gelei het, het uit die aard van die saak 'n baie gespanne verhouding tussen SAMPI en SALU veroorsaak. SAMPI het egter altyd die behoefte gehad om deel van georganiseerde landbou in Suid-Afrika te wees en het as prioriteit daarna gestreef om versoening met SALU te bewerkstellig en by laasgenoemde te affilieer. Verskeie samesprekings en ontmoetings is met die oog daarop gereël. Die president van SALU het selfs 'n massavergadering van SAMPI op uitnodiging bygewoon en 'n spreekbeurt op SAMPI se stigtingskongres gehad.

Ten spyte van dié positiewe tekens het dit gou geblyk dat SAMPI inderdaad groot teenstand vanaf SALU sou ondervind. Dit het begin by die Vrystaatse Landbou-unie (VLU) wat uitgesproke was daaroor dat SAMPI nie in die VLU se geledere welkom was nie. Die VLU se siening was dat SAMPI op 'n ondemokratiese en ongrondwetlike wyse tot stand gekom het en dat die strukture van SALU die enigste erkende liggame was wat die belange van die produsente kon dien.

SAMPI is nie daardeur afgeskrik nie en het voortgegaan om 'n vergadering met die VLU se Mieliekomitee te reël waar laasgemelde versoek is om SAMPI se aansoek om affiliasie by die VLU te steun. Die Mieliekomitee was nie bereid om daartoe in te stem nie, waarskynlik omdat dit sy voortbestaan in gedrang sou bring. Die VLU het selfs sover gegaan om SALU te versoek om sy grondwet sodanig te wysig dat SAMPI nie vir affiliasie kon kwalifiseer nie.

SAMPI het ten spyte van die teenstand besluit om sy saak deur middel van die bestaande strukture van die georganiseerde landbou, spesifiek die Mieliekomitees, te bevorder en het 'n beroep op die betrokkenes gedoen om die mielieprodusente die geleentheid te gee om self oor hulle bedryf te besluit en dit te hanteer. In 1967 het dit by die Vrystaatse Mieliekongres vrugte afgewerp toe 'n meerderheid SAMPI-lede tot die VLU se Mieliekomitee verkies is.

Tydens daardie kongres het die SAMPI-verteenwoordigers verdere pogings aangewend om samewerking vir die vestiging van 'n "eie mielievereniging" te verkry. Hoewel sekere besluite daaroor geneem is, het dit uiteindelik na baie botsings en verskille op 'n dooiepunt uitgeloop.

Intussen het die weerstand teen SAMPI ook in die destydse Transvaalse Landbou-unie (TLU) begin opbou. Gedurende April 1967 het die voorsitters van die distriksboere-unies van die Wes-Transvaalse Streek besluit om by die TLU aan te beveel dat hulle lede voor 'n keuse tussen SAMPI en georganiseerde landbou gestel moes word en dat diegene wat SAMPI ondersteun het, uit die TLU moes bedank. Die besluit is deur SAMPI veroordeel, maar enkele weke later het die Uitvoerende Komitee van SALU die besluit bekragtig.

Terselfdertyd het SALU besluit om sy veldtog teen SAMPI te verskerp en het 'n komitee in die lewe geroep met die bedoeling om SAMPI se bestaan te beëindig. Dit het in die algemene omgangstaal as die "Oorlogskomitee" bekend gestaan en het onder die voorsitterskap van die President van SALU gefunksioneer. Die meerderheid van die komitee se lede was nie mielieprodusente nie. SAMPI het uitgewys dat dit weer eens 'n geval was van mense met ander belange wat oor die saak van die mielieprodusente moes besluit.

## Bedankings uit SALU

Die onversetlike weiering van SALU om SAMPI te erken en met hom saam te werk, het uiteindelik daartoe gelei dat SAMPI sy lede versoek het om as lede van


Die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-Instituut

1966 1976

SAMPI

Gedenksertifikaat

Huldiging vir die inisiëring en beslaglegging van die eerste spesialiteitsorganisasie in die mieliebedryf. Hierdie organisasie word beëindig as bewys van samewerking om eenheid in die mieliebedryf te bewerkstellig met die algemene aanvaarding van spesialisasie vir landbou in Suid Afrika.

Klerksdorp Sewe en twintigste Januarie Negentien honderd sewe en sewentig.

Hoofbestuur:

Lede:

**'n Gedenksertifikaat om die inisiëring en beslaglegging van SAMPI te huldig, is op 27 Januarie 1977 deur die Hoofbestuur en lede van SAMPI op Klerksdorp onderteken.**





## HOOGGEREGSHOF STEUN SAMPI-MAN

Hoewel diskriminasie deur die strukture van georganiseerde landbou en veral die TLU teen SAMPI-lede algemeen voorgekom het, het 'n gebeurtenis by die Leeudoringstad Boerevereniging (wat by die TLU geaffilieer was) se jaarvergadering op 12 Oktober 1968 groot opspraak verwek nadat dit in die Hooggeregshof gedraai het.

Tydens dié jaarvergadering is mnr Boetie Viljoen, op daardie stadium 'n bestuurslid van daardie boerevereniging en een van SAMPI se stigterslede, as kandidaat vir verkiesing as Voorsitter van die boerevereniging genomineer. Die Voorsitter van die vergadering, mnr Piet Ernst, het egter geweier om die nominasie te aanvaar op grond van die feit dat Viljoen nie bereid was om eers 'n verklaring te onderteken tot dien effekte dat hy nie 'n lid van SAMPI was nie.

In 'n daaropvolgende hofsaak het die Hooggeregshof op 20 Junie 1969 op aansoek van Viljoen bevind dat die voorsitter van die vergadering nie bevoeg was om Viljoen se nominasie as kandidaat vir die voorsitterskap te weier op grond van die feit dat hy 'n SAMPI-lid was nie.

die SALU-strukture te bedank en hulle bydraes aan daardie liggame te staak. Die eerste lede van SAMPI se Hoofbestuur wat uit SALU en sy affiliasies bedank het, was die Voorsitter en Ondervoorsitter, Delport en Ferreira, wat onderskeidelik ook die voorsitters van die VLU se Mieliekomitee en Oliesadekomitee was. Daarna het die res van SAMPI se Hoofbestuurslede ook uit SALU bedank. Dit is deur baie van SAMPI se lede gevolg, wat 'n duidelike teken was van SAMPI se vasbeslotenheid om te veg vir sy beginsels.

Gedurende 1973 het die tweespalt tussen SAMPI en SALU daartoe gelei dat 'n tweede distriksboere-unie vir Bothaville gestig is, naamlik die Sandveld Distriksboere-unie (SDBU) met die Sandveld Boerevereniging as enigste lid. Die SDBU het by die VLU geaffilieer en dus inspraak by georganiseerde landbou gehad. Die Bothaville Distriksboere-unie, waarby die ander boereverenigings in die Bothaville-distrik geaffilieer was, was almal SAMPI-aanhangers en het dus nie toegang tot georganiseerde landbou se strukture gehad nie.

## FERREIRA NEEM DIE LEISELS

Op 4 Mei 1970 het SAMPI se Direkteur, dr Willem Kotze, met een dag kennisgewing bedank nadat 'n verskil tussen hom en SAMPI se Hoofbestuur ontstaan het. Dit het voortgespruit uit 'n telegram wat dr Kotze aan die Minister van Landbou en 'n dagblad van die tyd, *Die Transvaler*, gestuur het, waarin hy aangedui het dat die mielieprys wat die Minister kort tevore afgekondig het, billik was, sonder dat hy SAMPI se Voorsitter of Dagbestuur daaroor geraadpleeg het. SAMPI se Hoofbestuur was nie dieselfde mening toegedaan nie.

Na dr Kotze se bedanking is mnr Willem Landman, SAMPI se sekretaris, as waarnemende Direkteur aangestel. Hy is later deur mnr Jas Crous opgevolg.

'n Dag na dr Kotze se bedanking, het Delport as Voorsitter van SAMPI bedank. Hy het die SAMPI Hoofbestuur daarop gewys dat hy aanvanklik slegs bereid was om vir een jaar as Voorsitter op te tree, maar dat vier jaar sedertdien verloop het, omdat die tyd net nooit geleë was vir hom om uit te tree nie. Hy het ook aangevoer dat sy persoonlike omstandighede dit vir hom onmoontlik gemaak het om langer as Voorsitter van SAMPI te dien.

Na Delport se bedanking het die Hoofbestuur vir Ferreira as Waarnemende Voorsitter en De Jager as Waarnemende Ondervoorsitter aangewys.

Na aanleiding van die bedankings van Delport en dr Kotze het 'n berig in die dagblad, *Beeld*, verskyn onder die opskrif: "'Jong Turke' is nou in beheer van SAMPI – Boere se skip is aan die sink". Dié berig het verskeie stellings bevat wat onjuis, ongegrond en onaanvaarbaar was. SAMPI en die individue wat in die berig betrek was, het gevolglik 'n proses aan die gang gesit wat uiteindelik uitgeloop het op 'n bevinding van die Persraad dat die besware teen die berig, sowel as 'n verdere berig wat na aanleiding van die besware geplaas is, gegrond was. Die Persraad se bevinding is in al die dag- en Sondagblaaie gepubliseer.

## Regeringsbetrokkenheid

Die onenigheid tussen die twee groepe mielieprodusente in die land het ook by die Regering kommer gewek en na sy aanstelling as Minister van Landbou het mnr Hendrik Schoeman besluit om dit aan te spreek. Op sy aandrang het SALU met SAMPI in gesprek getree op die basis dat SAMPI moes ontbind en by die georganiseerde landbou inskakel.

SAMPI het hom bereidwillig daartoe verklaar, op voorwaarde dat SALU die beginsel van spesialisasie binne die mieliebedryf moes erken. Hierdie voorwaarde was egter die kernverskil tussen SAMPI en SALU wat uiteindelik daartoe gelei het dat baie samesprekings en pogings van verskeie partye om eenheid tussen dié twee partye te bewerkstellig, op niks uitgeloop het nie.

Onder leiding van Minister Schoeman is intense onderhandelings vanaf Januarie 1973 tussen SAMPI en SALU gevoer. Hoewel groot verskille dikwels oorkom moes word, is 'n redelike mate van eenstemmigheid oor die proses en toekomspad vir samewerking mettertyd bereik en is die konstitusie vir 'n spesialisorganisasie selfs gefinaliseer.

Minister Schoeman het by die jaarkongres van die Mieliebedryfsvereniging van die VLU in 1974 soos volg opgemerk: "Ek voorspel dat ons mielieboere voor die einde van die jaar in een van die lewendigste en bes georganiseerde landbouverenigings saamgesnoer gaan wees...by my is daar geen twyfel dat so 'n organisasie gaan kom nie." Hy het bygevoeg: "Niemand durf 'n stok in die wiel druk nie, want ons mielieboere kan nie langer die stryd en twis van die afgelope agt jaar bekostig nie."

Op daardie stadium het SAMPI en SALU reeds op 'n datum vir die stigtingskongres van 'n nuwe organisasie ooreengekom. Tydens SAMPI se kongres in Februarie 1974 het mnr Andries Beyers, die Voorsitter van Uniegraan en een van die onderhandelaars aan SALU se kant, selfs gesê: "Ons het mekaar gevind en sal mekaar nooit weer los nie."

Op 27 April 1974 het SALU egter aangedui dat sy Algemene Raad eers op 8 en 9 Augustus 1974 sou vergader om hulle standpunte oor die nuwe organisasie te bekragtig. Dit het beteken dat die hele proses vertraag sou word en die stigtingskongres nie op die ooreengekome datum, naamlik tussen 1 en 10 Oktober 1974, sou kon plaasvind nie.

SALU se Algemene Raad het op sy vergadering in Augustus 1974 in verskeie opsigte afgewyk van sake waaroor reeds ooreengekom is en het verdere voorwaardes gestel waaraan voldoen moes word voordat die stigting kon voortgaan. Vir SAMPI het dit duidelik begin word dat SALU nie van voornemens was om 'n onafhanklike organisasie te ondersteun nie, iets wat nie vir SAMPI onderhandelbaar was nie.

Op 15 Oktober 1975 het SALU tydens 'n vergadering van die Onderhandelingskomitee bekend gemaak dat hy die poging om 'n nuwe mielie-organisasie te stig, laat vaar. SALU het eensydig aangevoer het dat minstens 8 000 kwalifiserende lede vir lidmaatskap van die nuwe organisasie moes inskryf ten einde verteenwoordigend van die mielieprodusente te wees.

SAMPI het daarna nog verskeie pogings aangewend om die onderhandelings te red, maar sonder sukses. Gevolglik het SAMPI op 6 Februarie 1976 vir SALU ingelig dat SALU se repudiasie van die ooreenkoms aanvaar word en dat SAMPI finaal uit die ooreenkoms tree.

## Stigting van SAMSO

Kort daarna het SALU besluit om sy strategie te wysig deur weg te doen met die Mieliekomitees en 'n mieliespesialiteitsorganisasie te stig, bekend as die Suid-Afrikaanse Mieliespesialiteitsorganisasie, oftewel SAMSO. Dit sou nie 'n onafhanklike produsente-organisasie wees nie, maar sou as integrale deel van SALU funksioneer. SAMSO het dus in dieselfde konstitusionele posisie as die Mieliekomitees verkeer, wat in effek as 'n blote omskepping van die Mieliekomitees gereken kon word.

**IN *DIE LANDMAN* VAN FEBRUARIE 1974 IS SELFS BERIG DAT ELKE AFGEVAARDIGDE WAT SAMPI SE JAARKONGRES OP 6 EN 7 FEBRUARIE 1974 BYWOON, 'N GEDENKPENNING SOU ONTVANG OMDAT DIT WAARSKYNLIK SAMPI SE LAASTE JAARKONGRES IN SY BESTAANDE VORM SOU WEES.**

Tydens SALU se Jaarkongres van 1976 is goedkeuring vir die stigting van SAMSO verleen en is 'n beplanningskomitee aangewys om die oorgang van die Nasionale Mieliekomitee na SAMSO te bestuur. Die mielieproduserende streek is in 18 substreke verdeel, gebaseer op gemiddelde produksiesyfers oor die vorige vyf jaar. Vir elke streek is 'n loodskomitee saamgestel wat die taak opgedra was om vergaderings te belê met die doel om produsente oor SAMSO in te lig en lede vir die organisasie te werf.

'n Tussentydse Hoofbestuur, waarop die Voorsitters van die Beplanningskomitee en die Loodskomitee gedien het, is saamgestel. Op die eerste Hoofbestuursvergadering, wat op 2 November 1976 te Pretoria gehou is, is mnr Ben Wilkens as voorsitter verkies en is besluit dat SAMSO se eerste kongres op 8 en 9 Maart 1977 te Potchefstroom gehou sou word.

SAMSO het beoog om 'n einde aan die uitgerekte verdeeldheid tussen mielieprodusente te maak en dit as sy hooftaak beskou om alle mielieprodusente onder sy vaandel te vestig. SAMSO se bedryfstrukture het bestaan uit plaaslike-, distriks- en streeksmieliebedryfstakke, die Uitvoerende Raad, die Bestuurskomitee en die Jaarkongres. Laasgenoemde is as die hoogste gesag in die struktuur aanvaar.

SAMSO se strukture het voorsiening gemaak vir lidmaatskap van koöperasies wat mielies hanteer het. Dit was dus nie slegs 'n produsente-organisasie nie. Die koöperasies was geregtig om afgevaardigdes na die Kongres te stuur, mits diesulkes in eie reg lede van SAMSO was.

Die vestiging van SAMSO het duidelik daarop gedui dat SALU besef het dat 'n behoefte aan 'n spesialiteitsorganisasie vir die mieliebedryf bestaan het. In die uitgawe van SAMSO (die organisasie se lyfblad) van Mei 1978 is die volgende berig: "'n Mens moet SAMPI gelyk gee dat die idee van 'n spesialiteitsorganisasie 'n blink gedagte was."

SAMPI se bestuur was van mening dat die stigting van SAMSO deel was van SALU se strategie om SAMPI te kelder. Die klem van die stryd het gevolglik verskuif na wie van SAMPI en SAMSO as spesialiteitsorganisasie ondersteun moes word.

SAMPI het hom inderdaad in 'n baie moeilike posisie bevind na SALU se strategiese SAMSO-skuif. Dit is vererger deur 'n opdrag van minister Hendrik Schoeman aan alle Staatsdepartemente en Landboubeheerrade dat "...u sal verseker dat geen briefwisseling of onderhoude voortaan met sodanige organisasies deur beamptes van u Departement gevoer sal word nie. Geen publisiteit moet ook aan die aktiwiteite van hierdie soort groepe deur middel van departementele publikasies of Landbouradio verleen word nie." SAMPI is by name genoem as een van die organisasies waarop die opdrag betrekking gehad het.



As teenvoeter het SAMPI se leiers, onder andere, goedkeuring van sy Kongres verkry om 'n grootskaalse poging aan te wend om lede vir SAMPI te werf. Gedurende Februarie en Maart 1976 is 33 inligtingsvergadering in die mieliegebied gehou, wat in groot getalle bygewoon is. SAMPI se lede is versoek om uit die boereverenigings van georganiseerde landbou te bedank en weer SAMPI-takke op die been te bring.

SAMPI het organiseerders aangestel om die ledewerwingsveldtog te dryf, wat op die plase omgegaan het om nuwe lede te werf. Daarbenewens is verskeie ander metodes en pogings aangewend om mielieprodusente te oorreed om by SAMPI aan te sluit.

Op 19 Augustus 1976 het SAMPI weer 'n versoek om affiliasie tot SALU gerig, onder andere op grond van SAMPI se mening dat hy verteenwoordigend van die meerderheid mielieprodusente was. Die aansoek is weer eens geweier en oënskynlik was die kans op samewerking daarmee heen.

## Ooreenkoms 1976

Gedurende November 1976, egter, het minister Schoeman 'n vergadering met SAMPI se Dagbestuur en SAMSO se Bestuurskomitee belê om hulle oor die moontlikheid van samewerking te pols. Beide organisasies het baie gunstig daarop gereageer, tot so 'n mate dat SAMPI se Dagbestuur en SAMSO se Hoofbestuur nege dae later weer vergader het en tydens daardie vergadering 'n ooreenkoms onderteken het wat as basis vir eenwording moes dien.

## AKSIEKOMITEE

Die Aksiekomitee was saamgestel uit die Dagbestuurslede van SAMPI en die Bestuurskomitee van SAMSO, te wete:


**SAMPI**: Fanie Ferreira, Hennie de Jager, Hannes de Kock en Crawford von Abo.

**SAMSO**: Ben Wilkens, Thys van der Hoven, Faan Basson, Andries Beyers en Japie van Eeden.

Wilkens is as Voorsitter en Ferreira as Ondervoorsitter van die Aksiekomitee aangewys, met mnr Danie Venter, SAMPI se Direkteur op daardie stadium, as die Sekretaris.

Terwyl SAMPI alles in die stryd gewerp het om die Kongres te laat voortgaan, het mnr Danie Venter, die Direkteur van SAMPI, en die ander personeellede van SAMPI hulle by SAMSO geskaar. Dit was duidelik deel van SAMSO se strategie, want Venter het weens die posisie wat hy by SAMPI beklee het, eerstehandse kennis van SAMPI se strategie, sterkpunte, swakpunte, ensovoorts gehad en hy het selfs SAMPI se ledelys vir SAMSO se leiersfigure gegee. Venter het aktief begin om SAMPI op verskeie wyses te benadeel.

SAMPI was verplig om 'n hofbevel te verkry om Venter uit sy kantoor te sit, omdat hy hardnekkig geweier het om dit te doen. Die hofbevel is verkry, maar Venter het SAMPI se ledelys en die sirkulasielys van SAMPI se lyfblad met hom saamgeneem en SAMPI sonder die inligting gelaat. Volgens mnr Crawford von Abo het SAMPI na hierdie konflik slegs oor twee personeellede beskik om administratiewe steun te bied.




**Video: SAMPI begin 'n eie tydskrif as mondstuk van die organisasie.**

'n Aksiekomitee is aangewys en daar is besluit dat die stigtingskongres van die nuwe organisasie gedurende Maart 1977 sou plaasvind. Die datum vir verkiesing van afgevaardigdes na die stigtingskongres is op 31 Januarie 1977 vasgestel.



**Hierdie spotprent uit Die Landman (Maart 1979) sinspeel op SAMPI wat die 1977-verkiesing gewen het – wat toe op niks uitgeloop het nie, want SAMSO wou steeds die septer swaai, ten spyte daarvan dat SAMPI die verkiesing gewen het en finansieel onafhanklik was, terwyl SAMSO van statutêre heffings afhanklik was.**




Daarna het die proses in alle erns begin om die twee organisasies onder die vaandel van die voorgestelde organisasie saam te voeg. Dit het besluite oor die vestiging van die organisasie se kantoor, vestiging van 'n tydskrif, embleem, befondsing, inskakeling van SAMPI se lede by strukture van georganiseerde landbou, ensovoorts ingesluit.

In *Die Landman* van Januarie 1977 is volledig berig oor die reëlings rakende die nuwe organisasie. Die berig se eerste sin het gelees: "EENHEID is in die Suid-Afrikaanse Mieliebedryf bereik!" Elke persoon wat mielies vir bemarking produseer sou op die vergadering van 31 Januarie 1977 stemgeregtig wees en sou kon stem in die landdrosdistrik waarin hy/sy gewoon het of waar sy/haar boerderybelange geleë was.

Met die verkiesing van 31 Januarie 1977 het dinge egter begin skeefloop. Die uitslag daarvan was dat 190 van die afgevaardigdes verteenwoordigers van SAMPI was en slegs 150 van SAMSO, wat beteken het dat SAMPI die meerderheidstem op die Kongres sou kon uitoefen. Dit was oënskynlik nie vir SAMSO aanvaarbaar nie, aangesien laasgenoemde daarna probeer het om te bewerkstellig dat die koöperasies ook met stemreg op die Kongres verteenwoordig kon word. Dít was weer nie vir SAMPI aanvaarbaar nie, omdat SAMPI se uitgangspunt van die begin af was dat alleen die mielieprodusente oor mieliesake moet besluit.

Hierdie verskille het weer eens heftige dispute tussen SAMPI en SAMSO tot gevolg gehad, omdat SAMPI aangevoer het dat volgens die ooreenkoms tussen die partye slegs produsente stemreg op die Kongres sou kry. SAMSO het volgehou met sy weiering om te aanvaar en erken dat dit die terme van die ooreenkoms was. Uiteindelik het dit daartoe gelei dat SAMSO eensydig besluit het om alle verdere samesprekings met SAMPI op te skort.

SAMPI het heftig beswaar aangeteken en verskeie pogings aangewend om die proses te red. Dit was nie suksesvol nie en SAMPI het hom by twee geleenthede op minister Schoeman beroep om die saak te beredder. Hy was egter nie bereid om weer betrokke te raak nie. Die onverkwiklike rusie tussen die twee organisasies het dus voortgeduur, selfs deur middel van hofsake teen mekaar.

## Heffing vir SALU

Intussen het SAMPI insette gelewer op die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet van 1977. SAMPI het self ook aanbevelings voorgelê oor verskeie sake rakende die samestelling en funksies van die Mielieraad en finansiering van SALU, maar sonder enige sukses. SAMPI het, onder andere, 'n vergadering met minister Schoeman gehou oor die instelling van 'n heffing om SALU te finansier. Die Minister het onderneem dat sodanige heffing nie ingestel sou word alvorens eenheid in die mieliebedryf bereik is nie.



Ten spyte daarvan het die Wysigingswet op Bemarking van 1977 wat daarna gepromulgeer is, wel voorsiening gemaak vir die oplegging van 'n heffing op landbouprodukte, waaruit fondse in opdrag van die Minister van Landbou aan SALU oorbetaal kon word. 'n Heffing van vyf sent/ton is ingevolge daarvan ten opsigte van mielies ingestel, wat beteken het dat enige persoon wat mielies geproduseer het, die heffing moes betaal, ongeag of hy/sy lid van georganiseerde landbou was.

Vir SAMPI het dit beteken dat sy lede verplig was om tot SALU en dus ook SAMSO se finansiering by te dra. Uit die aard van die saak het dit tot geweldige ontevredenheid onder SAMPI-lede aanleiding gegee, omdat hulle statutêr verplig was om by te dra tot die finansiering van 'n organisasie waarmee hulle in 'n fel stryd gewikkel was.

As gevolg daarvan het SAMPI vergaderings met verskeie volksraadslede belê ten einde SAMPI se protes duidelik aan hulle oor te dra. Die vergaderings is deur baie produsente bygewoon en die boodskap van ontevredenheid is ondubbelsinnig oorgedra. SAMPI het verskeie aanslae op die heffing geloods, sonder enige sukses.

SAMPI se grootste probleem was waarskynlik dat selfs die Regering nie vir SAMPI as verteenwoordiger van die mielieprodusente erken het nie, maar vir SALU en dus ook vir SAMSO.

## "Eenheidsdokument"

Te midde van die voortdurende stryd en toenemende verdeeldheid tussen SAMPI en SAMSO het Minister Schoeman gedurende Januarie 1979 weer toegetree deur 'n "eenheidsdokument" te laat opstel en dit vir kommentaar aan SAMPI en SAMSO voor te lê. Die dokument het voorsiening gemaak vir die verkiesing van afgevaardigdes na die stigtingskongres van 'n nuwe eenheidsorganisasie.

Tydens die verkiesing moes 400 produsente-afgevaardigdes op streeksproduksiegrondslag aangewys word, asook 70 koöperatiewe afgevaardigdes, wat ook self mielieprodusente moes wees. Alle mielieprodusente wat mielies vir bemarking produseer, sou vir die aanwysing van afgevaardigdes kon stem. Die verkose afgevaardigdes sou dan op 'n streeksgrondslag vergader om 'n streeksvoorsitter te kies wat die betrokke streek se verteenwoordiger in die Uitvoerende Raad sou wees. Vir hierdie doel is 20 streke geïdentifiseer.

SAMSO het die Minister se voorstelle onvoorwaardelik aanvaar, maar SAMPI het sy ontevredenheid met 'n hele aantal aspekte uitgespreek, omdat dit SAMPI se lede sou benadeel. Dit was duidelik dat die Minister se voorstelle in samewerking met SAMSO en SALU opgestel is. Na aanleiding daarvan het die Minister ietwat gewysigde "finale" voorstelle voorgelê. Dit het egter nie al die sake wat SAMPI geopper het, aangespreek nie en was dus nie vir laasgenoemde aanvaarbaar nie.

### OMMEKEER KOM NA BROEDERBOND-GESPREK

Toe dit gedurende 1980 opnuut geblyk het dat SAMSO nie bereid was om met SAMPI saam te werk nie, het SAMPI, wetende dat die Broederbond teen SAMPI se stigting gekant was, deur middel van 'n lid van die Broederbond wat SAMPI goedgesind was, probeer vasstel wie agter SAMSO se onwilligheid gesit het. Hy het daarin geslaag om 'n afspraak vir verteenwoordigers van SAMPI met die Broederbond te reël, op voorwaarde dat die afgevaardigdes almal lede van die Broederbond moes wees. SAMPI het 'n span saamgestel bestaande uit mnre Piet Earle, Hannes de Kock, Naas Pretorius en prof Piet Aucamp wat met verteenwoordigers van die Broederbond vergader het.

Dit is nie bekend presies watter rol die Broederbond daarin gespeel het nie, maar kort na daardie vergadering is ooreenkoms tussen SAMPI en SAMSO bereik om saam te werk en is die proses voortgesit wat tot die vergadering van 3 Oktober 1980 gelei het.



**Met die ontbinding van SAMPI en SAMSO het hulle leiers die volgende gesê:**

Mnr Hennie de Jager: "Ons het nou op 'n punt gekom waar niemand ons sal keer om eenheid te bereik nie. Eenheid onder die mielieboere het gekom om te bly. Diegene wat nie wil saamloop nie, kan met die grootste liefde agterbly."

Mnr Faan Basson: "Die dag is nie die begrafnis van SAMSO nie, maar 'n mylpaal, omdat die besluit om te ontbind, tot die uitbouing van die bestaande orde sal meewerk, naamlik, 'n erkende en goed funksionerende mieliespesialiteitsorganisasie."

Die uiteinde was dat ook hierdie eenheidspoging misluk het. Minister Schoeman het daarna 'n beroep op die mielieprodusente gedoen om met 'n "boereplan" vorendag te kom, aangesien dit geblyk het dat dit nie moontlik sou wees om versoening op bestuursvlak te bewerkstellig nie. Na aanleiding daarvan het SAMSO se tak in Middelburg in Mpumalanga 'n Mielieparlement bestaande uit 20 lede voorgestel. Die plan was in beginsel vir SAMPI aanvaarbaar, maar dit is uiteindelik deur SAMSO verwerp en die skaakmatsituasie het voortgeduur.

Intussen het SAMPI besluit om hom direk op die Eerste Minister, mnr PW Botha, te beroep om eenheid in die mieliebedryf te bewerkstellig en het op 10 Augustus 1979 'n brief in dié verband aan hom gestuur. In sy antwoord het die Eerste Minister gesê dat die gesindheid wat onder die mielieprodusente geheers het, nie bevorderlik vir die bedryf was nie en het hy 'n ernstige beroep op SAMPI gedoen om alles moontlik te doen om eenheid in die bedryf te bewerkstellig. Dit is onvoorwaardelik deur minister Schoeman, ondersteun.

## Gedeelde visie


Tydens sy daaropvolgende Jaarkongres in Maart 1980 het SAMPI benadruk dat eenheid in die mieliebedryf van uiterste belang was, maar het daarop aangedring dat dit deur middel van 'n outonome spesialiteitsorganisasie moes geskied.

SAMSO het die eenheidsgedagte ook op sy Jaarkongres beklemtoon. SAMSO se Voorsitter, mnr Faan Basson, het bevestig dat SAMSO nie 'n anti-SAMPI-organisasie was nie en dat hy geen begeerte tot twis tussen die organisasies gehad het nie.

SAMPI het daarna weer samesprekings met minister Schoeman gevoer, wat hom ten gunste van 'n verenigde spesialiteitsorganisasie uitgespreek het, op voorwaarde dat dit by SALU geaffilieer moet wees. Hy was nie bereid om weer direk by onderhandelings tussen SAMPI en SAMSO betrokke te raak nie, maar het wel SAMPI se werksdokument aan die President van SALU, mnr Jaap Wilkens oorhandig, waarna SAMPI en SAMSO direk met mekaar onderhandel het.

Op daardie stadium het SAMSO reeds op sy eie ook sukses as spesialiteitsorganisasie behaal en het dit die voordeel van erkenning deur die owerhede gehad. Dit was in wese wat SAMPI ook wou bereik. Die twee organisasies het dus dieselfde belange nagestreef en by beide het die behoefte bestaan om die twis te beëindig.

Die onderhandelings is in daardie gees gevoer en op 7 Augustus 1980 het minister Schoeman aangekondig dat SAMPI en SALU 'n ooreenkoms vir die daarstelling van 'n verenigde mieliespesialiteitsorganisasie bereik het, waarvan die status, magte en bevoegdhede deur die mielieprodusente self bepaal sal word.



MIELIEVERKIESING

MAIZE ELECTION

SAMSO

1980

30 SEPTEMBER

INHOUD/CONTENTS


Bladsy

EENHEID — HOE IS DIT VERKRY ........ 2
DIE BITTERE GEVEG TOT EENHEID ........ 3
BELANGRIKE DATUMS ........ 4
EENHEIDSGEDAGTES WAAROOR U MOET BESLUIT ........ 5
AFFILIASIE OF INTEGRASIE ........ 5
UNITY IDEAS UPON WHICH YOU MUST DECIDE ........ 5
DIE LEUEN — DIE WAGWOORD VAN SAMPI-LEIERS ........ 6
LEIERS BESPOT — BROEDERBOND ........ 7
VERSKILPUNTE TUSSEN SAMSO EN SAMPI ........ 8
BREINTRUST — BOERE UITVERKOOP ........ 11
THE DIFFERENCES ........ 11
SO WERK SAMPI SE BUROKRASIE ........ 13
DIE EENHEIDSDOKUMENT ........ 14
VERKIESINGSREËLINGS ........ 15


Hierdie publikasie is deur SAMSO saamgestel en uitgegee om mielieprodusente toe te lig en te help met besluitneming met die oog op die komende mielie-verkiesing. Verkiesingreëlings en beleidstandpunte van SAMSO teenoor die van SAMPI word hierin uiteengesit.

**Só het die voorblad gelyk van die 1980 Mielieverkiesing-stembrief.**

**DIE EERSTE NAMPO-LEDE OP DIE MIELIERAAD WAS:**

**MNRE CL VON ABO (VOORSITTER)**

**JH VILJOEN (ONDERVOORSITTER)**

**AP VISSER**

**AS BEYERS**

**CJ LEONARD**

**SJ SCHOEMAN**


**HL DELPORT**

**DR B STEAD**

Die ooreenkoms het ook voorsiening gemaak vir die organisatoriese aspekte ten einde dit te implementeer, wat ingesluit het dat die Stigtingskongres van die nuwe organisasie op 3 Oktober 1980 gehou sou word, ondervoorsitterskap van mnr SW (Billy) van der Merwe, die destydse President van die Prokureursorde van Transvaal, bygestaan deur twee assessors, naamlik prof Piet Aucamp van die PU vir CHO, vir SAMPI en dr Andries Scholtz, Hoofbestuurder van NWK, vir SAMSO.

Die verkiesing van 340 afgevaardigdes na die Stigtingskongres sou op 30 September 1980 plaasvind. Al die afgevaardigdes moes mielieprodusente wees wat deur bona fide mielieprodusente verkies sou word. Die verkiesing sou plaasvind volgens die reëlings wat vir die 1977-verkiesing gegeld het met betrekking tot die distriks- en streeksindeling, stemprosedure en stempunte.

Voortspruitend uit die ooreenkoms is besluit dat SAMPI en SAMSO die nodige stappe moes doen vir bekragtiging van die ooreenkoms, ontbinding van die twee individuele organisasies en die samevoeging van hulle bates. Die bates van die twee organisasies sou met hulle ontbindingskongresse bevries en op die dag van die



**Video: Daar was altyd 'n hegte band tussen die SAMPI-manne – mnr Crawford von Abo.**

**DIE KONGRESLOKAAL OP NAMPO PARK IS NA FANIE FERREIRA VERNOEM UIT ERKENNING VIR DIE BESONDERE LEIERSKAPSROL WAT HY IN HIERDIE ERA GESPEEL HET.**

verkiesing deur die Minister van Landbou in trust geneem word, vir oorhandiging aan die nuwe organisasie op die Stigtingskongres.

Wat die status van die nuwe organisasie betref, naamlik of dit as outonome liggaam by SALU sal affilieer dan wel of dit as 'n integrale deel van SALU sou funksioneer, is ooreengekom dat dit aan die Stigtingskongres oorgelaat word om daaroor te besluit.

Hoewel albei organisasie hulle tevredenheid uitgespreek het met die ooreenkoms wat bereik is, het die verkiesingstryd wat daarna gevolg het nie heeltemal vreedsaam en altyd in 'n goeie gees verloop nie. Gegewe die geskiedenis van vorige pogings tot eenwording, is dit eintlik verbasend dat die proses nie weer deur onenigheid ontspoor is nie, maar uiteindelik is beide SAMPI en SAMSO se Ontbindingskongresse op 26 September 1980 gehou, waarop beide opgehou het om te bestaan.

### Laaste verkiesing

Op 30 September 1980 het ongeveer 6 000 mielieprodusente by 83 stemlokale gestem vir die verkiesing van die 340 afgevaardigdes na die Stigtingskongres. Die uitslag daarvan was 198 vir SAMPI en 142 vir SAMSO.

Op die stigtingskongres op 3 Oktober 1980 het die Kongres besluit dat die nuwe organisasie onafhanklik ingevolge sy eie grondwet sou funksioneer, maar dat dit by SALU sal affilieer.

Ferreira, die laaste Voorsitter van SAMPI, is as die eerste Voorsitter van die organisasie verkies en De Jager, ook van SAMPI, as die eerste Ondervoorsitter. Met die aanwysing van die Hoofbestuur is nege lede uit elk van die ontbinde organisasies verkies.

Die Kongres het ook besluit dat die agt produsentelede van die Mielieraad deur die Kongres uit sy geledere aangewys sal word, gebaseer op die streekindeling wat vir die verkiesing van die Hoofbestuur gebruik is. Met die uitsondering van Von Abo, wat reeds op 1 Januarie 1981 as produsenteverteenwoordiger sitting verkry het, het die aangewese NAMPO-lede op 1 Julie 1981 sitting op die Mielieraad geneem.

Die besluite oor die naam van die organisasie, die setel van die hoofkantoor en die naam van die lyfblad is aan die Hoofbestuur oorgelaat, op voorwaarde dat die naam van die organisasie nie SAMPI of SAMSO sou wees nie. Hieroor het die Hoofbestuur op 11 November 1980 soos volg besluit:

- Die organisasie se naam: NAMPO
- Hoofkantoorsetel: Bothaville
- Lyfblad: *Mielies/Maize*

Tydens die Stigtingskongres is besluit dat die nuwe organisasie voorlopig as die Mieliespesialiteitsorganisasie (MSO) bekend sal staan. Só is NAMPO gestig en is die lank gekoesterde ideaal verwesenlik dat mielieprodusente binne 'n spesialiteitsorganisasie oor hulle eie sake kon besluit.


Die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-Instituut

1966 1980

SAMPI

Gedenksertifikaat

*Huldiging vir die inisiëring en beslaglegging van die eerste spesialiteitsorganisasie in die mieliebedryf. Hierdie organisasie word beëindig as bewys van samewerking om eenheid in die mieliebedryf te bewerkstellig met die algemene aanvaarding van spesialisasie vir landbou in Suid-Afrika.*

**Klerksdorp** **Ses en twintigste** **September Negentien honderd en tagtig.**

**Hoofbestuur:**

**Personeel:**

**Lede:**

**SAMPI is beëindig as bewys van samewerking om eenheid in die mieliebedryf te bewerkstellig. Die Hoofbestuur en lede het 'n Gedenksertifikaat op 26 September 1980 onderteken.**

## NAMPO SE MISSIE

Om die ekonomiese lewensruimte van die mielieboer te verbreed.

## NAMPO-ERA BREEK AAN

### Lidmaatskap

Lede van SAMPI en SAMSO het nie na die eenwording outomaties lidmaatskap van NAMPO gehad nie. Enige produsent wat mielies vir kommersiële doeleindes geplant het, kon vir lidmaatskap van NAMPO aansoek doen. Die vereistes vir lidmaatskap was dat die voornemende lid mielies vir bemarking moes produseer, die voorgeskrewe ledegeld betaal en NAMPO se doelstellings moes onderskryf.

Op 'n stadium was dit 'n vereiste dat 'n aansoeker meer as 'n sekere hoeveelheid mielies moes produseer om as lid van NAMPO te kwalifiseer. Later is egter voorsiening gemaak om lede op 'n ander basis as produksiegrondslag te aanvaar, ten einde ook vir lidmaatskap van ontwikkelende landbouers voorsiening te maak: Met dien verstande dat slegs die lede wat aan die produksievereiste voldoen het, stemreg in die bestuurstrukture van NAMPO gehad het.

NAMPO het nie affiliasies van ander belangegroepe toegelaat nie. Die sienswyse was dat NAMPO nie sy spesialisasiedoelwit kan bereik deur groepe met ander belange as lede toe te laat nie, omdat verskillende belangegroepe uiteraard ook verskillende doelstellings gehad het. NAMPO het wel gestreef na samewerking met ander rolspelers en belangegroepe ten einde gemeenskaplike probleme te identifiseer en daaroor saam te werk.

Van meet af aan was dit een van NAMPO se doelstellings om groter samewerking tussen die verskillende graanprodusente-organisasies te bewerkstellig. Hierdie doelwit is vanaf sy stigting deur NAMPO van tyd tot tyd aktief met onderlinge samesprekings tussen die bedrywe nagestreef, sonder sukses.

## Befondsing

NAMPO is aanvanklik, benewens die inkomste uit die Oesdag, slegs uit bydraes van sy lede befonds. Die inkomste uit ledegelde het in die tydperk kort na NAMPO se stigting aansienlik verminder, as gevolg van 'n daling in ledetal. Dit het NAMPO se finansiële posisie geweldig geknou, tot so 'n mate dat die organisasie op 'n stadium in 1983 nie genoeg fondse beskikbaar gehad het om die personeel se salarisse te betaal nie en 'n oortrokke fasiliteit by die bank daarvoor gereël moes word.

Gedurende die middel 1980's het die Direkteur-generaal van Landbou 'n bedrag uit 'n surplus in die heffingsfonds aan NAMPO oorbetaal. Daardie fondse is belê en is nooit deur NAMPO aangewend nie, omdat die Hoofbestuurder van mening was dat die organisasie se lopende koste deur die bedryf self gefinansier moes word. Die bedoeling was om die belegging te laat groei tot op 'n vlak waar die inkomste daaruit voldoende sou wees om die organisasie se kernfunksies in stand te hou ongeag die ledegeldbydraes. Met die stigting van Graan SA het dit tot 'n stewige neseier gegroei.

NAMPO het later van tyd wel befondsing vir navorsing ontvang, asook bystand met die oog op sekere spesifieke projekte en aksies. Die feit is egter dat een van die grootste beperkings van SAMPI en NAMPO juis in beperkte fondse geleë was.


## Strategiese beplanning

NAMPO het verskeie strategiese doelwitte gehad. Aan die een kant was daar die sogenaamde Ontwikkelingstrust onder leiding van die hoofekonoom, dr Kit le Clus, wat op bedryfsekonomiese navorsing toegespits was. Die resultate van die betrokke afdeling se werk was aangewend om akkurate inligting aan lede en ander belanghebbendes te voorsien. Sodanige inligting het produsente in staat gestel om beter produksie- en bemarkingsbesluite te neem. In daardie afdeling was ook die sogenaamde "breintrust" gesetel. Die breintrust het ten doel gehad om die NAMPO produsentelede op die Mielieraad van inligting en advies te bedien in hul voorbereiding vir Mielieraadsvergaderings, omdat deel van die strategie was dat al die produsentelede aktief aan die Mielieraad se besprekings moes deelneem.


Aan die administratiewe kant was verskillende projekte onder leiding van Van Zyl geloods om die aansien van mielieproduksie en mielieprodusente in die breë ekonomie te poets. Sodanige projekte het, onder andere, die volgende ingesluit: beeldbou, medianetwerke, die NAMPO Oesdag, die tydskrif *Mielies/Maize*, die Mielieman van die Jaar toekennings en openbare betrekkinge.

NAMPO se leierskorps het baie klem geplaas op vooruitskouing ten einde tydig strategiese aanpassings te kon maak. Kundiges uit die politieke arena sowel as die privaat sektor is betrek, onder andere, drr Kobus Neethling, Frederik van Zyl Slabbert en Jan Dreyer, asook mnre Clem Sunter en Jac Laubser ten einde NAMPO se Hoofbestuurslede blootstelling te gee aan eksterne sienings wat hulle in die vorming van hulle eie toekomsvisie kon ondersteun.

**GEDURENDE DIE SAMPI ERA HET DIE LEDETAL GEGROEI TOT ONGEVEER 6 700 OPBETAALDE LEDE, MAAR TEEN 1983 HET NAMPO SLEGS SOWAT 2 200 OPBETAALDE LEDE GEHAD.**



**Video: Die groot mieliestryd word raak opgesom deur mnr Giel van Zyl.**




**Video: Argumente is deurentyd gebaseer op feite en stawende data – wat deur die kundige personeel voorberei is, vertel mnr Von Abo.**



## NAMPO-ONDERHOUDE MET DIE PERS

Ten einde te verseker dat regte beeld en boodskap van NAMPO ten alle tye uitgebeeld en oorgedra word, is klem daarop gelê dat niemand oor 'n saak mag praat as hy nie behoorlik daarop voorbereid was nie. Op aandrang van mnr Hennie de Jager is later besluit dat alleen die Voorsitter van NAMPO gemagtig was om onderhoude aan die pers toe te staan en slegs indien die Voorsitter glad nie beskikbaar was nie, kon die Hoofbestuurder dit doen.



Video: NAMPO het sy lede se behoeftes op vele terreine bedien – mnr Giel van Zyl.

Sunter het die produsente by verskeie geleenthede toegespreek oor toekoms scenario's en sy publikasies is gereeld onder NAMPO se Hoofbestuurslede versprei ten einde hulle op hoogte te hou van die nuutste sienings oor toekomsverwagtings.

## NAMPO-projekte

Gedurende sy bestaan van 20 jaar het NAMPO as aktiewe, vooruitstrewende organisasie menige projekte aangepak en groot insette in veral die mieliebedryf van Suid-Afrika gelewer. Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie publikasie selfs net na al daardie insette te verwys nie, wat nog te sê van besonderhede daaroor weer te gee. Daarom word net enkele van die werksaamhede en inisiatiewe genoem in 'n poging om 'n blik te probeer gee op die aard van die insette en bydraes wat NAMPO gemaak het.



Die eerste Voorsitter van NAMPO, mnr Fanie Ferreira.

### *Aansien van graanprodusente*


Ten tyde van NAMPO se stigting was die algemene beeld van die graanprodusent in Suid-Afrika een van "'n armsalige landbouer met 'n verslonste oorpak op 'n afgeleefde trekker", glad nie baie positief nie. Dr Piet Gous, die Hoofbestuurder, se opdrag was om dit te verander. Onder sy leiding is 'n spesifieke fokus daarop geplaas om te demonstreer dat graanprodusente hulself op die hoogste vlakke van die sakewêreld en die samelewing kon handhaaf.

Met verloop van tyd het die graanprodusent se beeld en posisie inderdaad sodanig verbeter dat produsente geruime tyd reeds met aansien bejeën word en inderdaad erkenning kry vir die groot en belangrike rol wat hulle in die sakewêreld en die gemeenskap speel.



Mnr Japie Grobler, NAMPO se laaste Voorsitter voor eenwording in die graanbedryf in 1999.

In die proses is die samewerking en insette van verskeie vooraanstaande sakeleiers en akademici verkry wat groot bydraes tot die ontwikkeling van NAMPO se interne poel van kennis gelewer het. Een van hulle was prof Jan Groenewald, wat die Dekaan van die Fakulteit Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria




Benewens voortsetting van sy normale take, is 'n hele nuwe dimensie tot NAMPO se werkterreine gevoeg, naamlik uitgebreide bemarkingsdienste. 'n Spotprent in *Mielies/Maize* van Augustus 1997 beeld die nuwe dinamika uit.



was. 'n Ander was dr Japie Jacobs, wat op verskeie belangrike en rigtinggewende kommissies van ondersoek gedien het, sommige waarvan ook in hierdie publikasie na verwys word. Hy het veral belangrike insette gemaak ten opsigte van projekte en oplossings wat NAMPO op die tafel geplaas het.

NAMPO se doelstellings kan kortliks soos volg saamgevat word:

- Om die algemene beeld van produsente te verbeter;
- om produsente in staat te stel om hulself beter in die besigheidsomgewing te handhaaf;
- om groei in die organisasie te ondersteun;
- om NAMPO Oesdag uit te bou tot een van die beste landbouskoue ter wêreld; en
- om 'n tydskrif van die hoogstaande gehalte te vestig.

NAMPO was 'n organisasie van die boere vir die boere. In die besef van die eise wat graanproduksie vir produsente stel, het NAMPO deurentyd gepoog om sy lede van bystand, inligting en praktiese oplossings te voorsien wat hulle kon ondersteun om volhoubaar te boer.

## *Beeldbouprojek*

### *Openbare betrekkinge*

Selfs na die samekoms van SAMPI en SAMSO het antagonisme teenoor NAMPO voortgeduur, veral vanaf amptenare van die Departement van Landbou en SALU. Dit het samewerking met daardie organisasies dikwels baie bemoeilik. Verskeie leiers binne georganiseerde landbou, insluitende in die Mielieraad en die koöperasiewese, het geen erkenning aan NAMPO gegee nie en was nie bereid om met die organisasie saam te werk nie.

NAMPO se Hoofbestuur het gevolglik 'n toegewyde openbare betrekkingeprogram as deel van NAMPO se beeldbouprojek van stapel gestuur. Die toegewyde fokus daarop het mettertyd vrugte afgewerp, veral namate ander programme binne die beeldbouprojek suksesvol aangepak is.

### *Vrouegroepe en vakbonde*

Gegewe die belangrike rol wat vakbonde en vrouegroepe ten opsigte van meningsvorming in die Suid-Afrikaanse samelewing gespeel het, het NAMPO 'n spesifieke poging aangewend om verteenwoordigers van daardie groepe (by geleentheid selfs die topstruktuur van COSATU en die ANC Vroueliga) na die NAMPO-plaas te nooi. Die oogmerk daarmee was om hulle beter oor landbou in te lig en hulle persepsie teenoor boere en landbou in die algemeen te verbeter.

Uit NAMPO se oogpunt het die projek geslaag, behalwe dat dit nie heeltemal die impak gehad het wat NAMPO graag wou sien nie. Die ideaal sou wees om die program meer gereeld te herhaal, maar weens beperkte fondse en mannekrag was dit nie moontlik nie.

### *Skoleprogram*

As deel van NAMPO se beeldbouprogram is 'n projek in samewerking met die landbouskakelman, mnr Steyn Lureman, aangepak om skolegroepe na die NAMPO-plaas te bring met die doel om skoolkinders aan landbou en boerdery in die algemeen bloot te stel. Dié program, wat aanvanklik deur 'n kunsmismaatskappy, Omnia en later ook deur Northmec, geborg is, was daarop gemik om kinders se persepsies oor diere en boerdery te verander deur middel van inligting en blootstelling aan diere, graanprodukte en praktiese graanverbouingspraktyke.

As deel van die program moes die kinders na afloop van die besoek aan die plaas 'n opstel skryf en 'n projek oor landbou inhandig, waardeur hulle markties kon uitbeeld wat hulle tydens die besoek aan die plaas geleer het. Die projekte het deelgeneem aan 'n kompetisie waarmee verskeie pryse gewen kon word.

Die program was baie geslaag, tot so 'n mate dat die Adjunk-minister van Landbou, me Thoko Didiza, op 'n stadium as een van die beoordelaars opgetree het en die Minister van Onderwys, prof Sibusisu Bengu, 'n verteenwoordiger van die



Departement van Onderwys daarvoor afgevaardig het. Die Skoleprogram is later met groot sukses deur Graan SA voortgesit.

NAMPO is in 1996 spesifiek deur die Openbare Betrekkinge-afdeling van die Deense Landbouraad geloof vir sy versiendheid deur die inligtingsprogramme vir skoliere aan te bied.

### ***Ekonomiese navorsingseenheid***

Reeds in die SAMPI-era was een van die bedryf se klagtes dat daar nie betroubare inligting oor die produksiekoste van mielies beskikbaar was nie. Dit het bygedra tot die ontevredenheid wat met die bepaling van die mielieprys in daardie era geheers het. NAMPO het dit ook as 'n leemte geïdentifiseer en vir dr Le Clus die taak opgelê om 'n ekonomiese navorsingseenheid, oftewel die sogenaamde Ontwikkelingstrust te ontwikkel. Die breintrust het daarbinne gefunksioneer. Die inligting wat daaruit voortgespruit het, was baie volledig en goed nagevors. Dit is op verskeie wyses aan produsente beskikbaar gestel as 'n waardetoevoegingsdiens wat voorheen nie beskikbaar was nie.

### *Landboukundige navorsing*

In opdrag van die Minister van Landbou was landbounavorsers wat aan Staatsinstellings verbonde was, in die tydperk voor die stigting van NAMPO verbied om met enige verteenwoordiger van SAMPI te praat.

Na die stigting van NAMPO is 'n projek geloods om in samewerking met die Departement van Landbou en landbounavorsingseenhede kritieke navorsingsbehoeftes te bepaal en te identifiseer wat die beste manier sou wees om terugvoering daaroor aan die produsente te gee.

Produk- en produksienavorsing is in samewerking met die Instituut vir Graangewasse van die LNR uitgevoer. NAMPO se betrokkenheid by navorsing was veral gefokus op die identifisering en prioritisering van navorsingsbehoeftes, asook die verspreiding van navorsingsresultate en toepaslike inligting aan die produsente. NAMPO het 'n baie belangrike rol in hierdie proses gespeel deur navorsingsresultate in die tydskrif *Mielies/Maize* te publiseer en dit by NAMPO-takvergaderings met produsente te deel.

Navorsingsbeplanning is jaarliks gedoen en gekoördineer ten einde duplikasie uit te skakel. Die benadering was om die produsente en navorsers nader aan mekaar te bring en seker te maak dat navorsingsresultate onder die produsente se aandag gebring word.

### *Opleidingsprogramme*

Gedurende die vroeë 1980's het die Departement van Arbeid fondse vir opleiding beskikbaar gestel. Dit is gedoen op die basis dat 'n bedrag per arbeider wat opgelei word, aan die betrokke opleidingsinstansie toegeken is, wat beteken het dat produsente hulle werkers gratis kon laat oplei.

NAMPO het reeds oor baie goeie opleidingsprogramme en -fasiliteite beskik wat met vrug aangewend kon word om om selfs mense uit die dorpsgebiede op te lei en te skool in praktiese vaardighede, soos trekkerdrywers, bouers, elektrisiëns, ensovoorts.

As gevolg van die sukses wat NAMPO met die opleidingsprogramme behaal het, het die Bloemfonteinse Opleidingsentrum met NAMPO ooreengekom om laasgenoemde se opleidingsprogramme oor te neem. Dit was aanvanklik baie suksesvol en die opleidingsprogramme is goed ondersteun, maar die opleidingsentrum moes weens finansiële probleme gesluit word.

NAMPO het nie oor die finansiering beskik om self met die opleiding voort te gaan nie. Verskeie pogings is aangewend om finansiering vir die opleidingsbehoeftes vanaf die Staat te verkry, dog sonder sukses. Dit het veral met die instelling van opleidingsetas moeiliker geword om befondsing vir NAMPO se opleidingsprogramme te verkry. NAMPO het gevolglik geen ander keuse gehad as om die opleiding te staak nie.

### *Diversifikasie*

Die geweldige droogte wat in die eerste gedeelte van die 1980's geheers het, het die besef aangewakker dat dit noodsaaklik geword het vir produsente om te diversifiseer en nie al hulle eiers in een mandjie te plaas nie. NAMPO het besef dat die organisasie 'n rol kon speel om produsente oor die voordele van diversifikasie te adviseer en hulle met die identifisering van geleenthede by te staan.

Produsente is deur NAMPO aangemoedig om as sakelui hul besighede en wins te optimaliseer, onder andere, deur hul boerderye en beleggings te diversifiseer, ook na beleggings buite landbou. Die uitgangspunt en boodskap was dat die produsent sy grond moes aanwend volgens die optimale potensiaal daarvan en, waar nodig, moes omskakel of uitbrei na ander tipes boerdery ten einde dit te kan bereik.

Onderliggend aan dié benadering was dat mielieprodusente daarop moes fokus om mielies op goeie grond te verbou en die res van die grond moes aanwend waarvoor dit die meeste geskik was. Dit het die byvoeging en/of diversifikasie na veeboerdery, melkerye en groenteverbouing, onder andere, ingesluit.

NAMPO het besluit om produsente hierin by te staan deur self ook moontlikhede te ondersoek en aan produsente geleenthede uit te wys en te illustreer hoe om marginale grond wat vir graanproduksie aangewend is, in ander bedrywe om te skakel.

### *Skaapprojek*

Een van die projekte wat NAMPO aangepak het as 'n model vir diversifikasie en spesialisasie, die sogenaamde Skaapprojek, was daarop gemik om prakties te illustreer hoe aangeplante weiding, spesifiek bloubuffelgras en droëlandlusern, op marginale grond vir skaapboerdery aangewend kan word.

NAMPO het lae potensiaal grond op sy bestaande eiendom buite Bothaville, wat nie werklik nuttig vir 'n ander doel gebruik kon word nie, vir die skaapprojek gealllokeer en droëlandlusern daarop aangeplant. Aanvullend daartoe het NAMPO 'n naasliggende stuk grond aangekoop waarop bloubuffelgras gevestig is. Hoewel dit dus in werklikheid as twee proewe beskou kon word, is dit as een projek bestuur.


NAMPO het die samewerking van die Vleismerino, Merino en Duitse Merino Telersgenootskappe vir die projek verkry. Die telersgenootskappe het ooie vir die teelprogram voorsien en die ramme is deur produsente in die Bothaville-omgewing beskikbaar gestel. Die ooilammers uit die projek is aan die telersgenootskappe gelewer, terwyl NAMPO die hamels verkoop het om tot delging van die projek se koste by te dra.

Die hoofdoel van die projek was om die inskakeling van skape op droëlandweiding te bevorder en terselfdertyd te illustreer dat marginale gronde beter benut kon word as om dit noodwendig vir mielieverbouing aan te wend. Die projek was uiters geslaagd en het daartoe gelei dat verskeie baie suksesvolle skaapboerderye daarna op aangeplante weidings gevestig is.

### *Grondomskakelingskema*

Voortspruitend uit die sukses wat met die skaapprojek behaal is, is onderhandelings met die Staat aangeknoop om fondse beskikbaar te stel ten einde die onttrekking

**DIE SKAAPPROJEK IS DEUR MNR ANDRÉ FERREIRA, SENIOR EKONOOM VAN NAMPO, WAT IN EIE REG MET SKAPE EN BEESTE GEBOER HET, BESTUUR.**



van marginale grond aan graanproduksie en die vestiging van alternatiewe bedrywe daarop, moontlik te maak.

Die groot kampvegter en drywer van die konsep was mnr Cerneels Claassen, wat op daardie stadium 'n Hoofbestuurslid van NAMPO was en later die Voorsitter van NAMPO geword het.

Hy vertel dat die besef ontstaan het dat die oppervlakte waarop mielies verbou is, te groot was en dat die groot hoeveelheid mielies wat geproduseer is, negatief op die prys van mielies ingewerk het. Op daardie stadium was sowat vyf miljoen hektaar mielies jaarliks aangeplant. Die mening was dat dit met sowat een miljoen hektaar afgeskaal moes word.

Op die NAMPO Kongres van Maart 1987 het Claassen 'n voorlegging gemaak oor die invloed wat die omskakeling of onttrekking van een miljoen hektaar mieliegrond uit verbouing op die produsenteprys van mielies sou uitoefen.

Die Kongres het 'n voorstel van Claassen aanvaar dat 'n komitee saamgestel word om 'n stelsel te ontwerp waarvolgens die onttrekking van daardie hoeveelheid grond aan mielieverbouing bewerkstellig kon word. Die Komitee is saamgestel uit verteenwoordigers van NAMPO, die Mielieraad, SALU, Unie Graan, die Departement van Landbou en die Nasionale Bemarkingsraad, met Claassen as Voorsitter.

By 'n daaropvolgende vergadering van die Mielieraad, waar die Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, teenwoordig was, is finale goedkeuring vir die ontwikkeling van 'n skema vir grondomskakeling gegee. Die skema het behels dat die Staat finansiële bystand sou verleen vir "geleide struktuuraanpassings in die somergraangebied", wat, in ander woorde gestel, grondomskakeling beteken het. Die besonderhede van die skema is aan die Vise-Staatspresident, mnr Aalwyn Schlebusch, voorgelê en verduidelik, wat sy steun daaraan toegesê het. Daarna is dit deur die Kabinet goedgekeur.

Die grondomskakelingskema is gedurende September 1987 tydens 'n spesiale kongres van NAMPO te Potchefstroom deur minister Wentzel aangekondig. Dit

DIE INVLOED VAN DIE OMSKAKELING/ONTTREKKING VAN 1 MIJOEN HEKTAAR
MIELIEGROND UIT VERBOUING

MNR C J CLAASSEN, Hoofbestuurslid Streek 16

Direkte insetkoste by 'n opbrengsmikpunt van: 2 Ton/ha — R273/ha
2,5 Ton/ha — R300/ha

Produsentepryse volgens prysscenarios (gemiddeld van wit en geel) soos aangekondig deur Minister in Augustus 1986

TABEL 1

OESOPBRENGS 2,5 TON/HA

| Aanplantings (m ha) | Oes (mt) | Prys R/t) | Bruto ink ($R\times10^6$) | Direkte koste (R/ha) | Direkte koste ($R\times10^6$) | "WINS" ($R\times10^6$) | "WINS" (R/ha) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4<br>2,4<br>(-40%) | 10<br>6<br>(-40%) | 179<br>246 | 1790<br>· 1476 | 300<br>300 | 1200<br>720<br>(-40%) | 590<br>756<br>(+28%) | 147,50<br>315<br>(+113%) |

TABEL 2

OESOPBRENGS 2 TOT 2,5 TON/HA.

| Aanplan-tings (m ha) | Opbrengs (t/ha) | Oes (mt) | Prys (R/ton) | Bruto inkomste ($R\times10^6$) | Direkte koste (R/ha) | Direkte koste ($R10^6$) | "WINS" $R\times10^6$) | "WINS" (R/ha) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 2 | 6 | 246 | 1476 | 273 | 819 | 657 | 219 |
| 4 | 2 | 8 | 205 | 1640 | 273 | 1092 | 548 | 137 |
| 4 | 2,5 | 10 | 179 | 1790 | 300 | 1200 | 590 | 147,50 |

TABEL 3


WERKLIKE TOESTANDE 1986/87 PRODUKSIEJAAR


Aanplantings: 4 m ha.
Oesskatting: 8 mt.

Beplande opbrengs: 2,5 Ton/ha. Normale oes: 10 m t.
Werklike opbrengs: 2 Ton/ha.


| Aanplan-tings (m ha) | Opbrengs (t/ha) | Oes (mt) | Prys (R/ton) | Bruto Inkomste ($R\times10^6$) | Direkte koste (R/ha) | Direkte koste ($R\times10^6$) | "WINS" ($R\times10^6$) | "WINS" (R/ha) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1ste 3 | 2 | 6 | 246 | 1476 | 300 | 900 | 576 | 192 |
| 4 de | 2 | 2 | 50 | 100 | 300 | 300 | (- 200) | (- 200) |

***Mielies/Maize* van April 1987 het 'n berig gepubliseer oor mnr Cerneels Claassen se netjiese tabel en verduideliking wat hy aan Kongres voorgehou het. Dit het die argument rondom die voorgestelde grondomskakelingskema ondersteun.**






**Vanaf Julie 1997 het NAMPO 'n uitgebreide dienspakket vir sy lede aangebied teen 'n koste van R1 000 per lid per jaar. Dit het 'n makelaarsdiens en voorsiening van noodsaaklike markinligting ingesluit. *Mielies/Maize*, Julie 1997.**



was uiteindelik 'n baie suksesvolle projek en sowat 750 000 ha mielielande is aan mielieverbouing onttrek en na aangeplante weidings omgeskakel. Deur die grondomskakelingsprojek is vir baie produsente in werklikheid 'n lewenslyn gegee om hul boerderye weer op 'n winsgewende basis te kry.

Die grondomskakelingsprojek het gepaard gegaan met 'n groter bewusmakingsveldtog van NAMPO, in samewerking met sekere verskaffers, oor die waarde wat 'n verbetering in die kwaliteit van landbouprodukte vir produsente kon inhou. Produsente se aandag is, byvoorbeeld, gevestig op die waarde wat die opgradering van die kwaliteit van hulle veekuddes kon toevoeg. Hulle is ook bewus gemaak van die bestaan van mieliesaad wat meer droogtebestand as ander was en aangemoedig om dit te gebruik ten einde hul produksie te verhoog.

Daar was natuurlik produsente wat self die waarde van 'n fokus op insette en produkte van hoë kwaliteit besef en hulle boerderypraktyke dienooreenkomstig aangepas het. NAMPO se landbounavorsers het met daardie produsente saamgewerk om hulle kennis onder ander produsente te versprei en sodoende die algemene kwaliteit en effektiwiteitsvlakke te verhoog. In die proses is werksgroepe gestig en die inligting wat uit hulle projekte beskikbaar geword het, is eweneens aan ander produsente beskikbaar gestel.

## *Makelaarsdiens*

Die afskaffing van beheerde bemarking en die koms van Safex het met baie onsekerheid en wantroue onder produsente gepaard gegaan. Baie van die produsente het geen kennis van die bemarking van graan of die werking van Safex gehad nie en inligting daaroor was baie beperk. Gevolglik is die produsente dikwels deur handelaars uitgebuit, wat baie herinner aan die posisie voordat beheerde bemarking in die 1930's ingestel is.

Onder leiding van dr Le Clus het NAMPO opleiding ten opsigte van die nuwe markomgewing aan produsente gebied. Op sy inisiatief het NAMPO ook besluit om 'n makelaarsdiens te stig wat meer kennis oor die werking van die markte kon opdoen en produsente daarin kon adviseer. Die makelaarsdiens moes ook as 'n verwysingsraamwerk ten opsigte van pryse, beskikbaarheid van kontrakte, kommissies, kostes, ensovoorts vir produsente dien.

Aangesien die algemene kennis van die werking van kommoditeitsbeurse, soos Safex, beperk was, het NAMPO besluit om 'n studietoer na die VSA te reël ten einde meer spesifieke kennis daaroor op te doen. Dr Le Clus het die toer deur middel van 'n kontakpersoon gereël met die hoofdoel om 'n kursus by die Chicago Board of Trade (CBOT) by te woon. Die toergroep het bestaan uit ampsbekleërs en personeel van NAMPO, sowel as produsente wat dit op hulle eie koste onderneem


Só lyk dit agter die skerms

Hierdie mense bring die mees aktuele nuus wat die boer se sak raak aan u

NAMPO TV skitter

NAMPO TV se eerste uitsending het op 9 September 1997 plaasgevind.

het. Benewens die kursus wat die toerlede by die CBOT bygewoon het, is besoeke gebring aan landboubesighede wat in graanverhandeling betrokke was, sowel as produsente wat van daardie besighede se dienste gebruik gemaak het.

Ten einde NAMPO se makelaarsdiens van die grond af te kry, is twee makelaars deur NAMPO in diens geneem, wat baie suksesvol was. Die behoefte aan NAMPO se makelaarsdiens het, soos aanvanklik voorsien, begin vervaag namate landbou-koöperasies en ander graanhandelaars se kundigheid en stelsels gevestig is en hulle die diens op 'n meer intensiewe basis kon lewer.

Die makelaarsdiens is na die stigting van Graan SA voortgesit, hoewel die dienste wat dit gelewer het met verloop van tyd volgens die eise en behoeftes van Graan SA se lede aangepas is. Die diens is 2003 gestaak nadat die volumes wat daardeur hanteer is, tot onekonomiese lae volumes gedaal het weens die groot aantal privaatmakelaars wat tot die mark toegetree het.

## *NAMPO TV*

Kort na die deregulering van landboubemarking in 1997 was graanprodusente eensklaps in 'n posisie waar tydige, akkurate en betroubare markinligting van kardinale belang was.

In samewerking met die African Growth Network (AGN) – wat deel uitgemaak het van die DSTV-satellietskottelpakket – het NAMPO met 'n briljante oplossing vir hierdie uitdaging vorendag gekom: 'n Eie TV-kanaal om direk met lede en ander produsente te kommunikeer. Produsente is sodoende in staat gestel om ongeag die geografiese ligging van hul plaas op hoogte te bly van veranderinge in die markplek.

Tydens die eerste uitsending op 9 September 1997 uit 'n ateljee van AGN in Johannesburg, het mnr Japie Grobler, Voorsitter van NAMPO, daarop gewys dat dit van die grootste belang is dat die jongste en varsste inligting aan die produsente van Suid-Afrika op 'n gereelde basis deurgegee moet word. Die Hoofbestuurder, mnr Giel van Zyl, het onder meer gemeld dat dit die beste en maklikste medium is om noodsaaklike inligting vinnig en doeltreffend by produsente uit te bring.

Die program, wat 'n uur/week geduur het en op Dinsdagaande 20:00 uitgesaai is, het die volgende behels:

- Opening met godsdiens (deur 'n predikant uit landbougeledere)
- Landbounuus (voorberei deur NAMPO-personeel)
- Weerprogram

### NAMPO-PERSONEEL GEMAKLIK VOOR EN AGTER DIE SKERMS

NAMPO se eie personeel het die landboukundige en tegniese gedeeltes van die TV-program aangebied. Die aktualiteitsgedeelte, NAMPO-fokus en kommoditeitsbesprekings is normaalweg gelei deur mnr Giel van Zyl en/of dr Kit le Clus. Hulle is bygestaan deur mnre Frans Lubbe, Fanie Brink en André Ferreira. Mnr Johan Loxton was die koördineerder van die TV-program.

Die personeel is deur die volgende individue aangevul:

- 'n Predikant uit landbougeledere het die opening met godsdiens behartig
- Mee Chante Hinds en Deidre Brand het as aanbieders opgetree
- Mnr Sakkie Nigrini van die SA Weerburo het die weerprogram hanteer
- Verteenwoordigers van borge en kundiges uit die bedryf het deurlopend aan paneelbesprekings deelgeneem



- Wêreldkommoditeitspryse (aangebied deur NAMPO se senior ekonome)
- Paneelbespreking (spesialiste in 'n spesifieke veld as ateljeegaste; geanker deur NAMPO-personeel)
- NAMPO-fokus (aangebied deur dr Kit le Clus en mnr Frans Lubbe met 'n fokus op sake soos invoer- en uitvoerpariteit, rand/dollar-wisselkoers, kontantpryse en Safex-pryse)

Die ingesteldheid wat deurgaans binne NAMPO gegeld het, naamlik as iets aangepak word, word dit gedoen met die doel om dit te laat slaag, het in die geval van die TV-program weer eens gestalte gevind. Hoewel die aanmekaarsit en suksesvolle bedryf van 'n TV-program nie deel was van NAMPO se kernbesigheid nie, het die impak van nuwe graanbemarkingsomstandighede op sy lede, die organisasie genoop om die gaping te vul.

Die program het uiteindelik in 2002 ten einde geloop, toe Graan SA besluit het dat genoegsame markinligting teen daardie stadium geredelik beskikbaar was en dat 'n webtuiste vir die organisasie dié funksie kan oorneem.

### *Skuldskikkings*

In NAMPO se strewe en visie om produsente van inligting en moontlike oplossings vir probleme in die bedryf te voorsien, het die organisasie ook betrokke geraak by die vind van oplossings vir die skuldprobleem waarin baie produsente hulle na die geweldige droogte van 1982 tot 1984 bevind het.

Dit het begin toe 'n produsent by NAMPO aangeklop het om hom te adviseer oor die geweldige rentelas waaronder hy gebuk gegaan het. Gous het mnr Tiny van Niekerk, 'n personeellid van NAMPO en voormalige ouditeur versoek om die produsent se finansiële state na te gaan vir moontlike foute. Van Niekerk het verskeie afwykings ten opsigte van die produsent se bankrekenings gevind, onder andere, veranderings aan rentekoerse, byvoeging van ongeregverdigde kostes en foutiewe en/of onbillike afronding van syfers. Hy is toe versoek om nog 'n aantal ander produsente se rekenings na te gaan, waar hy dieselfde gevind het.

Na aanleiding daarvan het NAMPO die produsente geadviseer om met die handelsbanke oor 'n skikking van hulle skuld te onderhandel. NAMPO het 'n aantal van die produsente bygestaan met 'n opdrag aan prokureurs om 'n eis teen een van die handelsbanke in te stel vir die verhaling van bedrae wat verkeerdelik teen hulle bankrekenings gevorder is. Hoewel NAMPO nie end-uit by die saak betrokke was nie, het dit daarop uitgeloop dat die betrokke handelsbank 'n groot som geld aan die produsente moes terugbetaal wat onregmatig van hulle gevorder is.

NAMPO het daarna die metode wat gebruik is om die berekenings te maak, aan prokureurs en landboubesighede beskikbaar gestel. Hulle het dit met baie sukses gebruik om vir hulle kliënte en lede skikkings by die handelsbanke te onderhandel en vele produsente is in 'n baie moeilike tyd op hierdie wyse van finansiële ondergang gered.

### *Opleiding vir beginnerboere*

As deel van sy openbare betrekkinge program het NAMPO besluit om opleiding aan beginnerboere moontlik te maak ten einde sy verbintenis aan bevordering van die belange van alle boere te illustreer.

Weer eens was 'n gebrek aan fondse en 'n tekort aan personeel 'n groot struikelblok. Gedagtig daaraan dat baie wit boere in die tydperk direk na die Tweede Wêreldoorlog ook as beginnerboere in sekere skemas gevestig is en baie van hulle groot sukses behaal het, is navorsing gedoen oor die resep wat in daardie tyd gevolg is. Dit het geblyk dat studiegroepe 'n belangrike rol daarin gespeel het.

Die sukses wat met studiegroepe behaal is, was deels te wyte aan die feit dat dit op 'n gedissiplineerde wyse gedoen is. Deelnemers moes as lede van die studiegroepe aansluit en ten einde lid van die studiegroep te bly, was hulle, onder andere, verplig om inligting met ander lede van die studiegroep te deel en aan navorsingsprojekte deel te neem. Lede van die studiegroep het dus waardevolle inligting uitgeruil en is bygestaan met navorsingsinligting en praktiese bystand van landboukundiges, wat 'n belangrike skakel in die proses was.

Die projek is afgeskop met slegs 'n paar studiegroepe en is tot 'n mate teengewerk deur sommige stamhoofde se onwilligheid om kommunale grond vir graanverbouing beskikbaar te stel.

Die doel van hierdie inisiatief was hoofsaaklik om by te dra tot die vestiging van kommersiële swart boere. Verskeie van die projekte het weens 'n kombinasie van 'n gebrek aan fondse, toewyding, belangstelling en/of samewerking nie geslaag nie, maar in ander gevalle is baie sukses behaal.

### *Woongebied te Bothaville*

Voortspruitend uit verskeie verkennende gesprekke en inligtingsvergaderings wat met mnr Derek Hanekom, die Minister van Landbou, gehou is, is 'n vergadering met hom by NAMPO op Bothaville gereël waartydens, onder andere, sy beplanning vir die vestiging van sogenaamde Agri Villages bespreek het. Die vergadering is deur Hoofbestuurslede van NAMPO bygewoon.

Tydens die bespreking is NAMPO se siening oor die haalbaarheid en praktiese uitvoerbaarheid van die konsep in die tradisionele mielieproduserende gebiede bespreek. Verskeie praktiese probleme wat daarmee voorsien is, is uitgewys, waarna 'n versoek tot Hanekom gerig is om in die geval van Bothaville eerder te reël dat woonerwe op Bothaville vir behuising van swart plaaswerkers beskikbaar gestel word. Die voorstel het behels dat 1 000 erwe vir ontwikkeling beskikbaar gestel word, wat deur produsente vir hulle werkers gekoop kon word. Dit het verder behels dat die erwe op die werkers se name geregistreer sou word, maar dat die Staat die koste vir die bou van huise daarop uit die fondse van die Heropbou- en Ontwikkelingsplan moes finansier.

Hanekom het inderdaad 1 000 erwe in die Naledi woongebied te Bothaville vir dié doel beskikbaar gekry. Die erwe is alles binne 'n baie kort tyd verkoop aan produsente wat dit vir hulle plaaswerkers gekoop het. NAMPO het die beplanning vir die bou van die huise gedoen, maar toe die Regering versoek word om die fondse daarvoor te voorsien, het dit geblyk dat geen begroting van enige aard vir die voorsiening van behuising aan plaaswerkers beskikbaar was nie.

Uiteindelik het Hanekom die fondse vir bou van die huise uit die begroting van die Departement van Landbou voorsien. Deur hierdie inisiatief van NAMPO is permanente behuising vir 'n groot groep plaaswerkers in 'n dorp gevestig wat andersins waarskynlik oor die hoof gesien sou word.

Die waarde van hierdie inisiatief word weerspieël in die feit dat oud-President Nelson Mandela persoonlik die amptelike opening van die woongebied waargeneem het.



### *Hoërskool (Sekondêre plaasskool)*

Hoewel 'n groot aantal plaasskole op die platteland bestaan het waar plaaswerkers se kinders onderrig ontvang het, was daar nie een sodanige skool wat onderrig tot matriek (graad 12) aangebied het nie. NAMPO het dit as 'n leemte geïdentifiseer en gesprekke daaroor met die Regering aangeknoop wat daarop uitgeloop het dat goedkeuring vir die vestiging van 'n sekondêre skool by die NAMPO-plaas verkry is. 'n Bedrag van R20 000 is vir die vestiging van die skool bewillig. Dit was totaal onvoldoende en het die bestuur genoop om alternatiewe planne te probeer maak.

Verskeie navrae deur Van Zyl, Hoofbestuurder van NAMPO, het uiteindelik na ESKOM gelei, wat 'n kamponggebou, wat hulle nie meer gebruik het nie, aan NAMPO beskikbaar gestel het. Dit was 'n asbesgebou in die Amersfoort-omgewing wat NAMPO daar afgetakel en by die opleidingsentrum op die NAMPO-plaas as skoolgebou opgerig het.

Die skool wat met hierdie inisiatief gevestig is, het baie goed presteer, tot so 'n mate dat selfs kinders vanuit Bothaville later verkies het om daar skool te gaan. In 2001 het dit uitstekend presteer deur elfde in die Vrystaatprovinsie met sy matriekslaagsyfer te eindig.

Die skool het soveel gegroei dat vervoer van die leerlinge na en van die skool mettertyd 'n probleem geword het. NAMPO se Bestuur het daarin geslaag om 'n nuwe Mercedes Benz skoolbus deur middel van 'n borgskap te verkry, maar omdat leerlinge uit alle rigtings vervoer moes word, is besluit om die bus vir drie ander busse te ruil ten einde beter in die behoefte te kon voorsien.

Die drie busse was egter in 'n baie swak toestand en NAMPO was genoodsaak om verdere alternatiewe te ondersoek. Kontak is met 'n busdiensmaatskappy, Putco, gemaak met wie onderhandel is om ou busse wat hulle beoog het om as skroot te hanteer, aan die skool te skenk. NAMPO het daardie busse in sleepwaens omskep wat deur trekkers getrek is en sodoende as busvervoer vir die leerlinge kon dien. Die trekkers waarmee die omgeboude rytuie getrek is en die drywers daarvan is deur produsente in die omgewing beskikbaar gestel.

'n Aantal jare na die vestiging van die skool is met die skool gekontrakteer om tydens die NAMPO Oesdag sekere skoonmaak- en ander werk op die oesdagterrein te verrig teen 'n vergoeding wat direk aan die skool betaal is.

## 1989-kongres

NAMPO se Kongres van 1989 is deur 'n baie ongewone voorval gekenmerk wat 'n groot verandering in die topstrukture van die organisasie tot gevolg gehad het.



Tydens die Kongres het 'n ernstige verskil tussen die Ondervoorsitter, mnr Hennie de Jager, en die Hoofbestuurder, dr Piet Gous, ontstaan. Die presiese aard en besonderhede daarvan is nie bekend nie, maar dit het daartoe gelei dat mnr Boetie Viljoen, wat as Voorsitter van NAMPO ook Voorsitter van die Kongres was, hom bereid verklaar om as Voorsitter te bedank indien De Jager as Ondervoorsitter sou bedank. De Jager het die "uitdaging" aanvaar en hy en Viljoen het daar en dan bedank.

Onmiddellik daarna het dr Gous ook bedank en die Kongres was in 'n konstitusionele krisis gedompel, omdat daar niemand was om die Kongres te lei nie. Aanvanklik het mnr Giel van Zyl, Hoof van Administrasie, die voorsitterstoel ingeneem. As gevolg van besware van 'n lid, mnr Jasper van Zyl, dat 'n amptenaar nie as Voorsitter van die Kongres kon optree nie, het mnr Kobus Jooste, die president van SALU, met goedkeuring van die vergadering die verkiesing van 'n Voorsitter (mnr Cerneels Claassen) en Ondervoorsitter (mnr Jan Schabort) behartig.

Na afloop van die Kongres het dr Le Clus en Van Zyl vir 'n tyd lank gesamentlik die verantwoordelikhede van die Hoofbestuurder op hulle geneem, totdat mnr Danie Schoeman as Hoofbestuurder aangestel is. Laasgenoemde is later in 1992 deur Van Zyl as Hoofbestuurder vervang.

## Mielieraad

NAMPO het vanaf sy stigting tot met die afskaffing van die Mielieraad 'n wesenlike rol in die Mielieraad vervul. Die produsentelede van die Mielieraad, wat die meerderheid in die Raad uitgemaak het, was almal lede van NAMPO se Hoofbestuur. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Mielieraad was beide ook NAMPO-lede. Meer besonderhede oor die stigting, samestelling, werksaamhede en belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Mielieraad word in Hoofstuk 2 van hierdie publikasie weergegee. Die rol wat NAMPO en sy ampsbekleërs in die Mielieraad gespeel het, kom in daardie hoofstuk duidelik na vore.

Wat egter wel hier genoem kan word. Is dat NAMPO se direkte betrokkenheid by die Mielieraad ook 'n nuwe era by die Raad ingelui met 'n groter klem op bemarking en optrede as 'n bemarkingsraad, eerder as 'n beheerraad. Inteendeel, op 23 Junie 1982 het NAMPO tydens 'n spesiale kongres die Regering van die dag se beleid vir 'n vryer ekonomie in beginsel aanvaar. Tydens daardie kongres is die wens uitgespreek dat die mieliebedryf daadwerklik na 'n markverwante ekonomiese bestel sal beweeg.

Tydens NAMPO se derde Jaarkongres, wat in 1983 plaasgevind het, is inderdaad bepleit dat die Mielieraad bemagtig moet word om, as die bemarkingsarm van mielieprodusente, meer outonoom te kan optree.

## Besoek van Mandela en ander Staatshoofde

Reeds sedert ongeveer 1989 het dr Le Clus en Van Zyl gesprekke met hooggeplaastes in die ANC gevoer om hulle te probeer oortuig van die belangrikheid van landbou vir Suid-Afrika. Nadat Mandela uit die gevangenis vrygelaat is, is dit opgevolg deur 'n uitnodiging aan hom om NAMPO te besoek.

Van Zyl het deur middel van mnr Mosiuoa Lekota, 'n senior lid van die ANC en later die eerste Premier van die Vrystaat Provinsie na die verkiesing van 1994, die uitnodiging aan die ANC gerig. Die ANC het die uitnodiging aanvaar en reëlings is getref dat Mandela en ander senior lede van die ANC, waaronder mnre Trevor Manuel en Mosiuoa Lekota, enkele lede van die NAMPO-bestuur by NAMPO Park buite Bothaville sou ontmoet. Die besoek het inderdaad op Sondag, 13 Mei 1992 plaasgevind, waartydens die besoekers onthaal is en NAMPO se verteenwoordigers die geleentheid gebruik het om voort te bou op die gesprekke wat dr Le Clus en ander ampsdraers van NAMPO met die ANC gevoer het.

Die afvaardiging is ingelig oor die stand van die mieliebedryf en die belangrike rol wat dit in die plaaslike ekonomie en veral die voorsiening van stapelvoedsel aan 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, vervul. Die produsente se vrese oor die toekoms is met Mandela gedeel en die kwessie van grondbesit en beskerming van eiendomsreg is met hom bespreek. Laasgenoemde aspek is ook weer by latere geleenthede met Mandela bespreek.







**Video: Mnr Giel van Zyl vertel van mnr Mandela se besoek aan die NAMPO Oesdagplaas.**

Mandela het die ANC se beleid duidelik uitgespel en 'n ope uitnodiging aan NAMPO se Bestuur gerig om hom te enige tyd te kontak as dit oor die saak van die boere gaan.

Tydens die besoek en die ete het die gesprek soms 'n minder formele wending geneem en het 'n paar interessanthede na vore gekom. So, byvoorbeeld, het Lekota vertel dat baie van hulle aanhangers geglo het dat die silo's by NAMPO Park vol goud was. Dit is aan hom verduidelik dat die produsente soms na mielies as witgoud (vir witmielies) en geelgoud (vir geelmielies) verwys, maar dat daar beslis nie goud opgeberg is nie. Die NAMPO-verteenwoordigers was ook baie geamuseerd deur 'n vraag van Manuel wat wou weet hoe dikwels mielieplante geplant moet word.

In die tydperk voor die verandering in Suid-Afrika se politieke bestel in 1994 het verskeie Ministers van die Suid-Afrikaanse Regering gesprekke met verteenwoordigers van NAMPO gevoer en besoeke aan NAMPO gebring, veral die Ministers van Landbou van tyd tot tyd. Verskeie ander senior politieke figure en staatshoofde, benewens Mandela, het besoeke aan NAMPO en die NAMPO Oesdag gebring, waaronder Koning Mswati III van Swaziland en 'n aantal van sy ministers.

Nadat mnr Thabo Mbeki as President van Suid-Afrika aangewys is, het mnr Japie Grobler, die Voorsitter van NAMPO, op 'n gereelde basis gesprekke met hom gevoer. By die eerste van daardie gesprekke het Grobler vir Mbeki daarop gewys dat daar geen plan vir landbou in Suid-Afrika was nie en dit dus nie moontlik was om iets te doen rondom die vestiging van swart kommersiële boere in die land nie.


Na aanleiding van daardie gesprek het Mbeki aan me Thoko Didiza, wat as die Minister van Landbou in sy Kabinet aangestel is, opdrag gegee om 'n Landbouplan op te stel. Die Landbouplan, met winsgewendheid, toegang tot landbou en volhoubaarheid as die hoofelemente, is 'n aantal maande later aanvaar.

## NAMPO Oesdag

Die NAMPO Oesdag is 'n groot suksesverhaal wat van SAMPI geërf is en het oor 'n lang tydperk so 'n belangrike bydrae in die graanbedryf, SAMPI, NAMPO en Graan SA gemaak dat dit geregverdig is om 'n hoofstuk spesiaal daarvoor af te sonder. Die ontstaan en ontwikkeling van die NAMPO Oesdag en hoogtepunte in die geskiedenis daarvan, word in Hoofstuk 6 vertel.



**Foto geneem tydens die besoek van mnr Nelson Mandela. Van links: mnre Japie Grobler, Trevor Manuel, die vlieënier wat mnr Mandela na NAMPO Park gebring het, 'n onbekende persoon (heel moontlik 'n lyfwag), Boetie Viljoen (Voorsitter van NAMPO op daardie stadium), Johan Hoffman, Nelson Mandela, Cerneels Claassen, Bully Botma, Mosiuoa Lekota, Giel van Zyl en dr Kit le Clus.**



13.6.93.

Komplimente

en

beste wense.

N Mandela

President, ANC.

Mnr Mandela se boodskap in die NAMPO Park-besoekersboek.

**OMDAT DIT ONSEKER WAS OOR WAT DIE PRODUSENTE SE REAKSIE OP DIE BESOEK DEUR DIE ANC SOU WEES, MOES DIT ONDER GROOT GEHEIMHOUDING PLAASVIND EN IS BESONDERE AANDAG AAN SEKURITEITSMAATREËLS GEGEE. ONDER ANDERE, IS TOEGANG BY DIE VERGADERPLEK STRENG BEHEER EN IS 'N VEILIGHEIDSNETWERK RONDOM DIE TERREIN GETREK. DAAR IS OOK GEREËL DAT DIE BESOEKERS SE VLIEGTUIG OM 09:00 SOU LAND OM SAAM TE VAL MET DIE TYD VAN DIE MEESTE KERKDIENSTE OP BOTHAVILLE EN SODOENDE DIE MINSTE MOONTLIKE AANDAG TE TREK.**

## NASIONALE OLIE EN PROTEÏENSADE PRODUSENTE-ORGANISASIE (NOPO)

### 1994: Versoeke vir spesialisbediening

Tot en met 31 Desember 1994 is oliesadeprodusente in Suid-Afrika op provinsiale vlak deur die Oliesadekomitees van die Noord-Kaaplandse-, Vrystaatse, Natalse en Transvaalse Landbou-unies bedien.

Die Nasionale Oliesadekomitee van SALU het gemeenskaplike sake rakende oliesade wat deur die provinsiale Komitees verwys is, hanteer. Dié Komitee het wel verkose produsente-verteenwoordigers vanuit die onderskeie Provinsiale Oliesadekomitees ingesluit, maar verteenwoordigers van ander belangegroepe het ook in die Nasionale Komitee gedien.

Met verloop van tyd het oliesadeprodusente egter die behoefte uitgespreek vir spesialisbediening deur 'n nasionale bedryfsorganisasie.

### NOPO as nasionale bedryfsorganisasie

Tydens 'n vergadering van die Nasionale Oliesadekomitee op 7 Oktober 1994 is besluit om die Nasionale Oliesadeprodusente-organisasie (NOPO) vanaf 1 Januarie 1995 as 'n Nasionale Bedryfsorganisasie te vestig.



Mnr Gert Pretorius, Voorsitter van NOPO, 1999.

Die beginsel is aanvaar dat NOPO outonoom ten opsigte van alle oliesadebedryfsaangeleenthede sou wees, maar dat algemene sake byvoorbeeld paaie en infrastruktuur na SALU verwys word.

Kennis is gegee dat die stigtingskongres van NOPO op 16 Februarie 1995 by die LNR se Instituut vir Graangewasse, te Potchefstroom sal plaasvind.

NOPO het na die stigting van die organisasie by SALU geaffilieer.

Die Nasionale Oliesadekomitee het op 7 Oktober 1994 ook besluit dat die beginsel van produksieverteenwoordiging aanvaar word vir die samestelling van beide die Hoofbestuur en Kongres.

Die nuutgestigte NOPO se kantoor is in 1995 te Pretoria gevestig en mnr Nico Vermaak is as die eerste bestuurder aangestel.

In die tydgleuf waartydens NOPO gestig is, was die oliesadebedryf deur wesenlike veranderings in die gesig gestaar, insluitend:
- ʹn Nuwe staatkundige bedeling wat na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 tot stand gekom het.
- Die eerste stappe vir die deregulering van die oliesadebedryf was in proses.
- Die finalisering van die AOTH-ooreenkoms, waardeur internasionale handel en invoere van oliesade na Suid-Afrika op ʹn nuwe basis sou plaasvind.

Die wysiging van die bestaande Bemarkingskema vir sonneblom, sojabone en grondbone, sou die sentrale tema van die Kongres in 1995 wees.

## Eerste Dagbestuursvergadering

Die eerste Dagbestuursvergadering het op 10 Januarie 1995 plaasgevind. Die volgende persone was teenwoordig:
- Gert Pretorius (Voorsitter)
- Japie Grobler (Ondervoorsitter)



- Jan Theron (Lid van Dagbestuur vir grondbone)
- Japie Middel (Lid van Dagbestuur vir sojabone)
- Faan Malherbe (Lid van Dagbestuur vir sonneblom)

Die primêre fokus van hierdie Dagbestuursvergadering was om die reëlings vir die kongres wat op 16 Februarie 1995 in die Alex Holm-saal van die LNR se Instituut vir Graangewasse te Potchefstroom sou plaasvind, te finaliseer.

## Eerste kongres: 1995

Die eerste taak van die Kongres was om die Reglement vir NOPO as nasionale bedryfsorganisasie goed te keur. Daarna kon die Kongres konstitueer en voortgaan met sy werksaamhede en besluitneming. Ingevolge die Reglement het die Hoofbestuur uit 15 lede bestaan, naamlik die Voorsitter, Ondervoorsitter en 13 lede wat op ′n streeksgrondslag op produksiebasis verkies is.

Benewens die bespreking van gemeenskaplike bedryfsaangeleenthede, is versoek dat wegbreekgroepe tydens die kongres aangebied word vir sojabone, sonneblom en grondbone, om ook bedryfspesifieke sake te hanteer. Dit het ′n staande werkswyse by daaropvolgende NOPO-kongresse geword.

'n Pluimpie, was dat 146 uit 150 afgevaardigdes vir Kongres registreer het. Daaruit het dit duidelik geblyk dat voldoende steun vir NOPO as organisasie bestaan het.

Mnr Attie Swart, Hoofdirekteur Bemarking van die Nasionale Departement van Landbou, het as openingspreker by die Kongres opgetree.

### *Besprekingspunte*

Die Kongres het onder andere besluit dat die bemarkingskemas vir sojabone, sonneblom en grondbone gewysig moet word. Daar is besluit dat vir sonneblom en sojabone ′n surplusverwyderingskema, vanaf die 1996/1997-seisoen, deur die Oliesaderaad geadministreer moet word. Vir grondbone is besluit dat 'n surplusverwyderingstelsel (en vrywillige poele) met 'n eenkanaaluitvoerstelsel, deur die Raad bestuur moet word.



Die wysiging van die grondboneskema het gelei tot 'n skerp afname van grondboonlewerings aan die Oliesaderaad, aangesien produsente nuwe markgeleenthede ontwikkel het.

Die Kongres het versoek dat die Raad as gemagtigde verteenwoordiger (Wet op Landbouprodukstandaarde) voortgaan met inspeksies en die uitreik van sertifikate. Verder is versoek dat die Raad voortgaan om analitiese laboratorium dienste aan die bedryf te bied.

### *Lidmaatskapsbasis*

Tydens die Kongres is goedkeuring verleen dat 'n ledewerwingsaksie geloods word, ten einde NOPO as 'n verteenwoordigende produsente-organisasie te vestig. 'n Lidmaatskapfooi van R50, wat jaarliks hersien sou word, is vir die eerste jaar ingestel en daar is besluit dat slegs lede wie se lidmaatskapsfooie opbetaald was, NOPO se kongresse kon bywoon.

## Nuwe Dagbestuur

Tydens Kongres is die volgende persone tot die NOPO Dagbestuur verkies:

- Mnr Gert Pretorius (Voorsitter)
- Mnr Martiens Prinsloo (Ondervoorsitter)
- Mnr Jan Theron (Voorsitter van die Grondbonebedryf)
- Mnr Japie Middel (Voorsitter van die Sojaboonbedryf)
- Mnr Lourie Bosman (Voorsitter van die Sonneblombedryf)

Die Voorsitter en Visevoorsitter is deur die Kongres verkies, en die Bedryfsvoorsitters tydens die onderskeie wegbreeksessies vir grondbone, sonneblom en sojabone.

## Strategiese fokusareas

Die nuutverkose Dagbestuur het na die Kongres op 13 en 14 Maart 1995 byeengekom om te besin oor die strategiese fokusareas vir NOPO.

Hiertydens is ooreengekom op die waardes, oorhoofse doelwitte en bedryfsfokus wat in 'n strategiese plan vir die organisasie omskryf is. As vertrekpunt het gedien dat NOPO as organisasie hom sou beywer om die ekonomiese lewensruimte van oliesade produsente te verbreed.

Die missie van NOPO is omskryf soos volg: "Om as behoeftegedrewe eenheidsfront die belange van produsentelede te bevorder". Kollektiewe bedinging namens oliesadeprodusente sou gerig word deur organisatoriese, produksie- en bemarkingsaangeleenthede. Die doel was om NOPO as mondstuk van die oliesadeprodusente te vestig. Die strategiese plan en fokusareas is op 20 April 1995 eenparig deur die Hoofbestuur aanvaar. Die Hoofbestuur het ook tydens daardie vergadering besluit dat die naam van die organisasie verander word na: *"Nasionale Olie- en Proteïensade Produsente-organisasie van Suid-Afrika"*. In die omgangstaal sou die organisasie egter steeds as NOPO bekendstaan

Die Hoofbestuur het verder besluit dat die volgende Bedryfskomitees vir die bestuur van die strategiese fokusareas ingestel word: Navorsingsprioriteitskomitee, Kultivar Evalueringskomitee, Tariewekomitee, Komitee vir Kwaliteitstandaarde en 'n Reëlingskomitee vir Inligtingsdae.

In totaal is nege produksiestreke geïdentifiseer en is daar in samewerking met die onderskeie Hoofbestuurslede, Gebiedsbesture vir elke streek geaktiveer. Die prioriteitstaak vir die Gebiedsbesture was om op grondvlak lede te werf. Die taak is egter bemoeilik, nadat veral grondboonprodusente hul produk deur private kopers verhandel het en hul besonderhede dus nie in die Raad se databasis beskikbaar was nie. Lidmaatskap by NOPO was 'n vrywillige handeling waardeur produsente skriftelik ingestem het tot lidmaatskap. Lede fooie het R50 beloop en was die doel nie primêr om fondse in te samel nie, maar om 'n legitieme ledebasis te vestig. Die werwingsaksie het ook 'n finansiële voordeel aan Gebiedsbesture ingehou, aangesien 'n gedeelte van ledegelde uit die streek, aan die betrokke Gebiedsbestuur terug betaal is.





## Skakeling met kanolaprodusente

Kanolaproduksie was in 1995 beperk tot die Suid- en Weskaap, maar is verskeie probleme in die produksie- en bemarkingsproses ondervind. Gedurende Junie 1995 het 'n afvaardiging van NOPO met produsente van daardie gebiede geskakel oor die lewensvatbaarheid van die kanolabedryf in Suid-Afrika. NOPO het 'n uitnodiging aan kanolaprodusente gerig om by NOPO as bedryfsorganisasie in te skakel. Die kanolaprodusente het egter besluit om nie op daardie stadium formeel by NOPO in te skakel nie.

NOPO het egter in samewerking met kanolaprodusente in die Suid/Wes-Kaap asook 'n saadmaatskappy wat kultivarproewe met kanola onderneem het, besluit om 'n Skakelkomitee te aktiveer. Die eerste vergadering van hierdie Skakelkomitee het op 23 Januarie 1996 plaasgevind en is werksaamhede spoedig uitgebrei, met betrokkenheid van produsente, landboubesighede, die veevoerbedryf, oliepersers en die Proteïen Navorsingstrust.

## Tariewekomitee

Die Tariewekomitee het vir die eerste keer op 5 Julie 1995 byeengekom. Die Komitee het bestaan uit verteenwoordigers van NOPO, die Oliesaderaad, die Edible Nut Processors Association, SA Peanut Company, Groundnut International, AFMA asook die Oil Expressors Association.

Die Tariewekomitee het konsensus oor tariewe op die invoere van sekere oliesade- en produkte verkry en is 'n aansoek by die Raad op Tariewe en Handel ingedien, waarna tariewe in November 1995 goedgekeur is.

Internasionale mededinging was 'n nuwe realiteit vir produsente. Tariewe was 'n belangrike instrument om die plaaslike bedryf te beskerm, aangesien anders as in die tyd van beheerde bemarking, vraag en aanbod, vervoerkoste en pryse van ingevoerde produkte, 'n groot impak op plaaslike pryse sou hê.

Dit het weldra geblyk dat hoewel 'n mate van konsensus binne die Tariewekomitee tussen die rolspelers oor die metodiek van die berekening van tariewe bestaan het, die lang tydsverloop vir die aanpassing van 'n tarief, sake bemoeilik het.

## Riglyne vir die aangaan van graankontrakte

In 'n toenemende gedereguleerde markomgewing, het onsekerheid by baie produsente geheers oor die betekenis van sekere terme in graankontrakte.




**Kyk behoorlik na die fynskrif…NOPO het produsente riglyne gegee oor hoe om slaggate in kontrakte te vermy. NOPO Nuus, 1997.**

NOPO het in oorleg met sy regsverteenwoordigers riglyne aan produsente beskibaar gestel van aspekte wat in ag geneem behoort te word wanneer graankontrakte gesluit word.

## Navorsingsprioriteitskomitee

Die Komitee het die eerste keer op 12 Oktober 1995 vergader, waartydens die LNR se Sentrum vir Olie- en Proteïensade (LNR-OPS), die Komitee ingelig het van bestaande en nuwe projekte. 'n Volledige begroting en koste strukture vir projekte is voorgelê. Die NOPO Hoofbestuur het hierdie geleentheid ook gebruik om navorsingsbehoeftes aan die LNR deur te gee. Voortspruitend hieruit, is besluit dat terugvoer oor navorsingsprojekte jaarliks tydens Kongres aan die onderskeie wegbreekgroepe gebied sou word.

## Profielstudie: Behoeftes van oliesadeprodusente en langtermyn volhoubaarheid van die oliesadebedryf

Die Hoofbestuur het goedkeuring verleen dat NOPO in samewerking met die Universiteit van Pretoria se Skool vir Ekonomiese Bestuurswetenskappe 'n makro-ekonomiese studie oor die langtermynvolhoubaarheid van die oliesadebedryf onderneem.

Die doel van hierdie navorsing was om deur middel van die primêre en sekondêre inligtingsbronne 'n statistiese profiel van die oliesadebedryf te verkry. Hierdie data is gebruik om die belang van die bedryf in die algemene ekonomie, insluitend skakeleffekte, te evalueer en om die impak van beleidsveranderinge op die bedryf in 'n strategiese toekomsvisie te verreken.

'n Vraelys is ook as deel van die projek, as profielstudie aan 9 600 produsente versprei. Die doel van die vraelys was om behoeftes en verwagtinge van oliesadeprodusente te identifiseer, sodat dit besluitneming oor strategiese fokusareas vir NOPO kon ondersteun.

Die eerste konsep verslag is beskikbaar gestel op 31 Desember 1995 waarna die resultate van die ondersoek tydens die 1996 Kongres bekend gemaak is.

## Hoofbestuursbeplanning 1995

'n Beplanningsessie vir die NOPO Hoofbestuur is in Oktober 1995 aangebied. Die geleentheid is ook benut om verhoudinge met rolspelers in die bedryf te vestig en sake wat in die kort tot medium termyn hanteer moes word, te evalueer. Die nuwe Bemarkingswet was van groot belang vir produsente en is versoek dat meerdere inligting bekom moes word oor die impak van deregulering, die eiendomsreg van reserwefondse en bates wat deur die Oliesaderaad namens die bedryf bestuur, is en moontlike statutêre maatreëls.

'n Verkennende gesprek het op 21 November 1995 tussen die NOPO Dagbestuur en die Uitvoerende Komitee van die Oliesaderaad plaasgevind. Tydens hierdie gesprek is die beginsel getoets dat reserwes en bates van die Raad deur 'n Trust verskans word, vir die befondsing van aksies in belang van die oliesadebedryf.

Die Hoofbestuursbeplanning is ook benut om te besin oor handelsooreenkomste en 'n tariefbeleid om plaaslike produsente teen gesubsidieerde produkte te beskerm. Laastens is gefokus op tantieme uit navorsing om navorsingsprojekte te ondersteun.

## NOPO-inligtingsdae

Vir die bekendstelling van NOPO aan oliesadeprodusente, is Gebiedsbestuursvergaderings gedurende 1995 met inligtingsdae gekombineer. Organisatoriese aangeleenthede, asook die nuutste tegnologie, navorsingsresultate en markinligting is aan produsente deurgegee. Die inligtingsdae is in noue samewerking met die navorsingspan van die LNR-OPS en die onderskeie landboubesighede aangebied.

## NOPO-logo

Die Hoofbestuur het die Nasionale Oliesadekomitee se logo in 1995 met 'n eie logo vir NOPO vervang.

**NOPO se eie logo wat sedert 1995 gebruik is. Die oliedruppel het die gemeenskaplike faktor (olie) wat oliesade in gemeen het, gesimboliseer.**

## 1996: Bemarkingswet en deregulering

Die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996) is in die tweede semester van 1996 deur die Parlement goedgekeur, vir inwerkingtreding op 1 Januarie 1997.

NOPO het in die aanloop tot die inwerkingtreding van die nuwe Bemarkingswet gedurende 1996, gesprekke met verskeie beleidmakers gevoer, ten einde hulle eerstehands oor die aktiwiteite van NOPO in te lig. Dit het ingesluit gesprekke met die uittredende Minister van Landbou, dr Kraai van Niekerk, die Voorsitter van die Portefeuljekomitee van Landbou, Me Janet Love, die Voorsitter van die Senaatskomitee, dr Sam Motsonjane, die leier van die PAC, mnr Clarence Makwetu, die Landbouwoordvoerder van die Nasionale Party, dr EA Schoeman en mnr Brendon Bailey van die LAPC (adviseur van die nuwe Minister van Landbou en Grondsake, mnr Derek Hanekom). Gesprekke is ook met AFMA en die Olieparsersvereniging oor die dereguleringsproses gevoer.

Die nuwe Wet op die Bemarking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996), het bepaal dat statutêre Beheerrade moes uitfaseer. Dit het verder bepaal dat die bedryf 'n besigheidsplan aan die Minister en Bemarkingsraad moes voorlê met aanbevelings oor die wyse waarop die betrokke Raad se afsluiting van werksaamhede bestuur sou word. Versoeke vir statutêre maatreëls moes ook in die besigheidsplan gemotiveer word. Voorstelle vir die herstrukturering van die Raad se funksies moes met konsensus aanbevelings deur die bedryf gesteun word.

Hanekom, die nuwe Minister van Landbou en Grondsake, het aangekondig dat die nuwe Nasionale Bemarkingsraad op 6 Januarie 1997 vir die eerste keer sou vergader. Dit het impliseer dat die besigheidsplan vir die oliesadebedryf in die eerste week van Februarie 1997 aan die Bemarkingsraad voorgelê moes word.

Dit was dan ook die einde van 'n era waar produsente met 'n gewaarborgde meerderheidstem in die onderskeie Rade, bedryfsbesluite kon rig, aangesien die proses van deregulering deur konsensus besluite hanteer moes word.

## Aktivering van die Oliesade Werkgroep (September 1996)

NOPO het, nadat dit duidelik was dat die Oliesaderaad moes uitfaseer, versoek dat 'n Oliesade Werkgroep vir die bedryf saamgestel word. Die doel van die Werkgroep was om te dien as forum waar rolspelers kon besin oor bedryfsfunksies en die besigheidsplan wat vir die Minister voorberei moes word. Die aanbevelings van die Oliesade Werkgroep sou uiteindelik as basis dien vir die besigheidsplan vir die deregulering van die bedryf.

Die Oliesade Werkgroep het vir die eerste keer op 23 September 1996 byeengekom en het bestaan uit verteenwoordigers van NOPO, die Olieparsersvereniging, AFMA, die Grondboneforum (toe reeds gestig) en die Oliesaderaad. Die gesprek is binne 'n raamwerk hanteer, van die praktiese implikasies van die Bemarkingswet vir die bedryf, die identifisering van funksies van die Raad wat na deregulering binne die bedryf voortgesit kon word, die tydskale waarin die nuwe strukture geaktiveer moes word en die befondsing van die nuwe strukture. Die Raad is versoek om 'n lewensvatbaarheidstudie van aanbevelings voor te berei teen 30 November 1996, waarna die Werkgroep weer op 3 Desember 1996 byeengekom het om die aanbevelings te bespreek.

## Voorbereiding vir die vestiging van die Oliesadetrust

Tydens die 1996 NOPO-kongres is 'n mandaat aan die Hoofbestuur verleen om voort te gaan met 'n ondersoek vir die aktivering van 'n Oliesade Ontwikkelingstrust wanneer die Oliesaderaad uitfaseer.

Samesprekings daaroor is met die Minister van Landbou, mnr Kraai van Niekerk gevoer, wat aanbeveel het dat alle belangegroepe in die bedryf in die dereguleringsproses geken word en het hy ook praktiese riglyne daarvoor met NOPO bespreek.

Die NOPO regsverteenwoordigers het aanbevelings vir 'n konsep trustakte voorberei. Hierdie voorstelle is aan die Oliesade Werkgroep deurgegee. Daar is onder





**'n Gesamentlike besoek aan die Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, was inderwaarheid geskiedkundig, aangesien dit die eerste keer was wat die drie graanbedrywe saam uit een mond gepraat het. Minister Wentzel het dit bestempel as die mooiste dag van sy lewe. Van links: mnre Johan Roux (Sorghum), Cerneels Claassen (NAMPO) en Japie Neethling (Wintergraan).**

andere versoek dat NOPO as een van die stigterslede in die Trust omskryf word en dat 'n donasie van R100 aangeteken word as deel van die aanvanklike trustkapitaal.

## Stigting van Grondboneforum

Die eerste vergadering van die Grondboneforum het plaasgevind op 8 Mei 1996. Die doel van die forum was om as binne die grondbonewaardeketting, sake van gemeenskaplike belang te hanteer.

NOPO het aanbeveel dat 'n soortgelyke Forum vir sonneblom en sojabone gevestig word.

## Strategiese aksies om aan te pas by nuwe beleidsomgewing

### *Kongresbesluite oor die Bemarkingskemas: 1996*

Die 1996 Kongres het (ten spyte van die voorgenome deregulering van die bedryf), versoek dat die Oliesaderaad maatreëls sal tref om moontlike surplusse van oliesade wat in Suid-Afrika geproduseer word, te hanteer. Hierdie besluit is gemotiveer deur die moontlikheid dat 'n surplus vir sonneblom, gedurende die 1996/1997-seisoen kon realiseer. Die Kongres het verder besluit dat die eenkanaal uitvoerskema vir grondbone, behou moet word.

Uit hierdie besluite kan die afleiding gemaak word dat oliesadeprodusente nog nie die impak van die nuwe Bemarkingswet en deregulering ten volle aanvaar het nie.

### *Kommersiële Graanprodusente-organisasie*

Die Suid-Wes Gebiedsbestuur van NOPO het aanbeveel dat 'n model ondersoek word vir 'n Kommersiële Graanprodusente-organisasie. Die doel van so 'n organisasie sou wees om ondersteuningsdienste aan oliesade-, mielie-, sorghum- en wintergraanprodusente op 'n koste-effektiewe basis te lewer, deur die samevoeging van die bestaande bedryfsorganisasies. Martiens Prinsloo, namens die Suid-Wes Gebiedsbestuur het hierdie voorstel tydens 'n NOPO Hoofbestuursvergadering op 28 Mei 1996 bespreek. Dit was die eerste stap vir NOPO, in 'n proses van nouer samewerking tussen bestaande bedryfsorganisasies in die graanbedryf.

### *Markinligting in 'n vryemarkomgewing: NOPO Markinfodiens*

Gegewe dat die nuwe Bemarkingswet bepaal het dat die Oliesaderaad moes uitfaseer, het NOPO se Hoofbestuur besluit dat 'n eie kapasiteit ontwikkel moes word om marktendense te vertolk en dit aan produsente beskikbaar te stel. Die resultate





van die vraeboog aan produsente, wat in oorleg met die Universiteit van Pretoria uitgestuur is, het ook die behoefte vir ’n onafhanklike inligtingsdiens bevestig.

'n Ooreenkoms is met Agrimark Tendense (Dr Johan Willemse en Ernst Janovsky) aangegaan om 'n unieke en toeganklike markinligtingsdiens vir oliesadeprodusente te ontwikkel. Die diens het weeklikse en maandelikse verslae oor die sonneblom-, sojaboon- en grondboonmark ingesluit, met ontledings van internasionale markfaktore sowel as die Suid-Afrikaanse marktoestande, oesskattings en ander faktore wat die plaaslike mark kon beïnvloed

Wat die markinligtingsdiens uniek vir die tyd gemaak het, was dat dit 24 uur/dag en sewe dae/week deur 'n outomatiese faksdiens sowel as 'n Internetskakel) beskikbaar was. Produsente kon dus ook na ure toegang tot ’n objektiewe en onafhanklike markinligtingsdiens verkry.

Die NOPO-markinligtingsdiens was met die uitfasering van die Oliesaderaad ook as 'n inligtingsdiens vir alle bedryfsrolspelers beskikbaar. Daar was egter nie voldoende steun uit die Oliesade Werkgroep om die projek as 'n “projek in belang van die breë bedryf” in stand te hou nie en moes die diens gestaak word. Die Oliesade Advieskomitee het wel goedkeuring verleen dat 'n maandelikse oliesade markoorsig in *NOPO Nuus* en later die *SA Graan/Grain* tydskrif gepubliseer word.

NOPO het ook op ’n ad hoc-basis van die dienste van dr Andre Jooste, destyds van die Universiteit van Pretoria, gebruik gemaak vir ekonomiese ontledings.

Na die samesmelting van NAMPO en NOPO se tydskrifte in 1999 het dr Johan Willemse voortgegaan om ’n maandelikse “oliesade oorsig” aan te bied, waardeur plaaslike en internasionale marktendense ontleed is. Die Oliesadetrust het die maandelikse artikel as een van die eerste projekte in belang van die breë bedryf goedgekeur.

Die markoorsig-artikel is in Maart 2014, na 15 jaar, as projek van die Oliesadetrust afgesluit. Dr Willemse was die Outeur van 1999-2012, en dr Dirk Strydom vanaf 2012 - 2014. (Dr Strydom het vanaf 2016 diens by Graan SA as Bestuurder: Graanekonomie en Bemarking aanvaar).

### *Kommunikasiestrategie: NOPO Nuus-tydskrif*

Tydens 'n Hoofbestuursvergadering op 28 Mei 1996 is ’n kommunikasiestrategie vir NOPO goedgekeur. Dit het ingesluit dat ’n nuwe tydskrif, *NOPO Nuus*, bekendgestel word, wat aanvanklik tweemaandeliks uitgereik is.

Mnr Johann van Zyl van Randcom is op kontrak as redakteur aangestel en me Jana Greenall as advertensiewerwer.


Die eerste uitgawe van *NOPO Nuus* is in Julie 1996 gepubliseer met 'n oplaag van 5 900 tydskrifte. Dit is versprei aan oliesadeprodusente, insetverskaffers, politieke meningsvormings, opleidingsinstansies en bemarkingsagentskappe. Die tydskrif is in Augustus 1996 met 'n spesiale funksie by Loftus Versveld in Pretoria bekendgestel, en is die geleentheid deur meer as 140 gaste en landbouskrywers bygewoon.

NOPO Nuus het in sy eerste bestaansjaar gegroei tot 'n trotse produk waardeur oliesadeprodusente en alle ander belanghebbendes in die bedryf op 'n gereelde basis ingelig is van die nuutste marktendense, tegnologie, inligtingsdae, navorsingsresultate en aktuele gebeure in die bedryf.

Die tydskrif is op 'n streng sakegrondslag bestuur, deurdat die advertensie-inkomste die verspreiding en drukkoste van die blad goedgemaak het. Die sirkulasielys van die tydskrif het mettertyd tot 7 200 gegroei.

### *NOPO-feiteblad*

Gedurende 1997 het die Hoofbestuur besluit om 'n feiteblad oor die werksaamhede van NOPO, sowel as 'n uiteensetting van die wyse waarop ledegelde betaal kon word, saam te stel. Die feiteblad is so wyd as moontlik aan alle Hoofbestuurslede, Provinsiale Landbou-unies en koöperasies versprei ten einde die ledewerwingsaksie van NOPO te ondersteun.




**...om produsente se belange teen internasionale aanslae te beskerm. NOPO Nuus, 1997.**

### *Mediaskakeling*

NOPO het ook vanaf 1997 deur beide die elektroniese- en gedrukte media met oliesadeprodusente geskakel. Persversklarings oor mark- en prystendense, sowel as belangrike gebeure in die bedryf, is op ′n gereelde basis aan ′n medianetwerk verskaf. Joel Kotze van die Landbouskrywers het ook ′n mediatoer vir NOPO gereël.

## Produksie- en Bemarkingsaangeleenthede: 1996

### *Navorsing*

NOPO se siening was dat sonder nuwe navorsing en tegnologie Suid-Afrikaanse oliesadeprodusente nie in staat sou wees om in die vinnig veranderende internasionale wêreldmarkte mee te ding nie. Gevolglik is besluit om die Navorsingskomitee van NOPO se Hoofbestuur meer inklusief vir bedryfsrolspelers te maak deur ander rolspelers in die bedryf daarby te betrek. Dit het nuwe geleenthede vir die beplanning en prioritisering van navorsingsprojekte geskep wat die breë bedryf tot voordeel sou wees.

### *Grondbonesaadskema*

Die Wet of Planttelersregte het beskerming aan saadkwekers, handelaars en produsente betrokke by saadvermeerdering gebied. Na die deregulering van die grondbonebedryf is verskeie knelpunte geïdentifiseer, insluitend monsterneming, verkope buite goedgekeurde kanale, ongesertifiseerde saad, terughouding van saad en ′n lang tydsverloop voordat saad uit teelprogramme beskikbaar gestel kon word.

Verskeie gesprekke is met rolspelers gevoer met die versoek dat die integriteit van die grondbone saadskema binne ′n vryemark, in stand gehou word. Die praktyk het egter geleer dat ′n eenvoudige oplossing nie moontlik was nie.

### *Bevordering van sojaboonproduksie: PNT*

′n Sojabone Werkgroep is deur die Proteïen Navorsingstrust (PNT) gestig met die doel om sojaboonproduksie in Suid-Afrika te bevorder. Die PNT (later bekend as die Proteïen Navorsingstigting (PNS)) het ′n Super Soja-kompetisie in KwaZulu-Natal geloods, wat na Mpumalanga en die Noordwes Provinsie uitgebrei is. Die doel van die kompetisie was om produsente deur middel van studiegroepe saam te bind en sodoende die nuutste tegnologie vir winsgewende produksie bekend te stel.

Die Super Soja-kompetisie het daartoe bygedra dat die opbrengs per hektaar, sowel as die proteïen inhoud van sojabone drasties verbeter het.

### *Tariefbeleid vir invoere*

Die aanvanklike konsensus in die bedryf oor die wyse waarop tariewe op invoere bestuur moes word, het spoedig vervaag. In 'n vryemark was dit 'n natuurlike verloop dat produsente sou poog om die plaaslike mark teen invoere van gesubsidieerde produkte te beskerm, terwyl kopers en verwerkers internasionale geleenthede wou benut.

Op 11 Maart 1996 het 'n gesprek tussen verteenwoordigers van die Raad op Tariewe en Handel, AFMA, die Olieperserrsvereniging, die Oliesaderaad en NOPO plaasgevind. Tydens hierdie vergadering was dit duidelik dat NOPO en die ander rolspelers drasties van mekaar verskil het oor die Tariefbeleid wat toegepas behoort te word. NOPO se voorstelle het ingesluit dat tariewe outomaties aangepas sou word wanneer internasionale prystendense sekere vlakke bereik. AFMA en die Oliepersers het egter versoek dat 'n aanpassing aan bestaande tariewe onderhandel behoort te word, slegs wanneer 'n "major change" in wêreldmarkte realiseer het. 'n Kompromie is bereik nadat die rand dollar wisselkoers in 1996 drasties verswak het en die koste implikasies vir invoere verander het. Die Tariewekomitee het wel by die Raad of Tariewe en Handel aanbeveel dat plantaardige olie ingevoer kan word teen 'n nultarief, en alle oliekoek teen 'n tarief van 6,6%.

### *Etiese kode vir 'n gedereguleerde mark*

Met die deregulering van die graanbedryf, het kopers en verkopers van graan en oliesade groot verliese as gevolg van kontrakbreuk gely. Van die produsente het na die seisoen gespot met die uitdrukking: "Ek het ´n goeie prys gekry, ek het net nie my geld gekry nie".

Verteenwoordigers van die koöperasiewese, graanhandelaars, vervoerbedryf en verskeie finansiële instellings het op 17 Julie 1996 vergader om oplossings daarvoor te probeer vind. Daar is besluit dat ´n etiese kode vir graanverhandeling ontwikkel en bekendgestel sou word. NOPO het ook praktiese riglyne vir die aangaan van graanverhandelingskontrakte aan produsente in NOPO Nuus gepubliseer.

## NAMPO Insetkomitee

NOPO het reeds in 1996 ´n beginselbesluit geneem om by NAMPO se Insetkomitee in te skakel, aangesien insette 'n ewewigtige impak op alle graanprodusente het. Deelname aan NAMPO se Insetkomitee het reeds op 'n vroeë stadium samewerking tussen NOPO en NAMPO bevorder.



## Sonneblomsaad word uitgevoer

Die uitvoer van 100 000 ton sonneblomsaad is in die eerste semester van 1996 goedgekeur. Dit was die eerste geleentheid sedert die vroeë tagtiger jare, dat sonneblom uit Suid-Afrika verkeep is. Die uitvoer van sonneblom is as gevolg van die massa volume verhouding as onekonomies beskou, maar het die skerp daling van die rand/dollar-wisselkoers met 'n sterk vraag in Europa, die uitvoer van sonneblom winsgewend gemaak.



## Implementering van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte: 1997

Gedurende 1996 het die Nasionale Party uit die regering vir Nasionale Eenheid onttrek en het die destydse Minister van Landbou, dr Al van Niekerk, sy pos ontruim. Die Regerende Party (ANC) het besluit om Minister Hanekom as die nuwe Minister van Landbou en Grondsake aan te stel. Een van die eerste prioriteite van die nuwe Minister was om die Wet of Bemarking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996) te finaliseer.

Die dereguleringsproses van die oliesadebedryf is gedurende 1997 afgehandel met die uitfasering van die Oliesaderaad op 30 September 1997. Dit is voorafgegaan deur uitgebreide onderhandelinge tussen rolspelers in die bedryf, ter voorbereiding van die besigheidsplan vir die oliesadebedryf wat vir goedkeuring aan die Minister van Landbou voorgelê moes word.

Die nuwe wetgewing het nie slegs nuwe reëls vir die bemarking van landbouprodukte daargestel nie, maar dit was ook die einde van 'n era waar produsente deur hulle betrokkenheid in die onderskeie beheerrade beleidsbesluite kon rig.

In terme van die Wet, moes alle bates en reserwes van die Oliesaderaad aan die te stigte Oliesadetrust oorgedra word. Uit 'n produsenteperspektief was die ervaring dat bates en reserwes wat deur statutêre heffings van produsente gevorder is, in effek deur die nuwe Bemarkingswet van produsente vervreem is. Produsente sou in die toekoms slegs een van vele "geaffekteerde groepe" wees wanneer binne die bedryfstrukture oor die aanwending van hierdie fondse besluit sou word. Die Bemarkingswet het dus ook 'n einde gemaak aan die vermoë van bedryfsorganisasies om hulself deur statutêre heffings te befonds.

NOPO het in Maart 1997 verkennende gesprekke met beide NAMPO asook die DPO (Droëbone Produsente-organisasie) gevoer oor moontlike samewerkingsooreenkomste. Uiteindelike sou die NOPO leierskap besluit het dat daar meer sake in gemeen was met NAMPO as die DPO. Gesprekke het gevorder van 'n debat oor samewerking, tot samesmelting tussen NOPO en NAMPO.

## Herstrukturering van die Oliesadebedryf

In terme van die besigheidsplan vir die oliesadebedryf is ooreengekom dat die Oliesaderaad alle funksies op 30 September 1997 sou afsluit. Die Oliesaderaad wat in 1952 gestig is, se werksaamhede is dus na 45 jaar beëindig. In die besigheidsplan wat die Oliesaderaad aan die Minister voorgelê het, is voorsiening gemaak vir die volgende strukture wat na die sluiting van die Raad na die bedryf se belange sou omsien, naamlik:

- ***Die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT)***

  Die Trust is op 18 September 1997 geregistreer. Die hoof doelstelling van die Trust was die bevordering van die oliesadebedryf in Suid-Afrika. Trustinkomste en kapitaal sou slegs aangewend word vir navorsing, inligting en steundienste in die belang van die bedryf. Die akte het voorsiening gemaak vir die aanstel van sewe Trustees, waarvan een verteenwoordiger van die Minister.

- ***Oliesade Advieskomitee (OAK)***

  Die Advieskomitee, bestaande uit tien verteenwoordigers van die bedryf, het op 1 Desember 1997 die eerste keer vergader. Die Advieskomitee moes in terme van die akte deur die trustees geraadpleeg word, voordat oor enige versoeke vir finansiële steun besluit is. Die Advieskomitee was in terme van die akte



ook verantwoordelik vir die aanstelling van Trustees, uitgesluit die Ministeriële verteenwoordiger. Die Komitee se primêre funksie was egter om inligtings- en navorsingsprojekte in belang van die bedryf te evalueer en dit vir befondsing na die Trust te verwys.

- ***Navorsingsprioriteitskomitee***

Die Navorsingsprioriteitskomitee (Komitee van die Advieskomitee) was getaak om navorsings- en ander projekte in belang van die bedryf te identifiseer en te evalueer. Nadat prioriteite bepaal is en die evaluasieproses afgehandel is, het die Prioriteitskomitee aanbevelings aan die Advieskomitee deurgegee vir besluitneming.

- ***SAGIS: Inligting aan bedryf***

Die Mielie-, Oliesaderade, Wintergraan en Sorghum bedrywe, het besluit om 'n Artikel 21 Maatskappy te stig en pro rata tot die SAGIS begroting by te dra. SAGIS is gestig met die doel om generiese inligtingsdienste vir die graan- en oliesadebedrywe te bestuur. Waar nodig, sou statutêre maatreëls afgekondig word om te verseker dat inligting aan SAGIS deurgegee word. Die onderskeie Trusts sou ook die lede van die SAGIS Direksie nomineer en aanstel.

- ***Bedryfsforums vir sonneblom, sojabone en grondbone***

Na die uitfasering van die Oliesaderaad, het die behoefte steeds in die onderskeie bedryfsektore bestaan om oor gemeenskaplike bedryfsake met mekaar te skakel.

Die volgende Forums is gestig:

- Grondboneforum (1996)
- Sonneblom- en Sojaboon Forum (1997)

Alle rolspelers uit die waardeketting kon forumvergaderings bywoon (op eie koste), en konsensusbesluite is geneem. Wanneer konsensus nie bereik is nie, het die Forums as volgende stap 'n Tegniese komitee aangestel om die aangeleentheid verder te ondersoek, en aanbevelings aan die Forum deur te gee. Gemeenskaplike aangeleenthede wat deur die Forums hanteer is, het onder andere ingesluit gradering, gesondheidsregulasies en navorsingsbehoeftes.

- ***Tegniese dienste***

Die Oliesaderaad se betrokkenheid by die verskaffing van tegniese dienste het oor meer as 40 jaar ontwikkel. Die tegniese dienstefunksie het behels die toepassing van kwaliteitstandaarde, lewering van analitiese dienste en opleiding van gradeerders.



**NOPO se Dagbestuur teen 1997 (van links): mnre Nico Vermaak, Naas Bellingan, Gert Pretorius, Lourie Bosman en Japie Middel.**



Rolspelers het die voortsetting van die tegniese dienstefunksie as noodsaaklik beskou. Verskeie alternatiewe is ondersoek en daar is besluit om die funksie na die PPECB oor te dra. Die Minister van Landbou het die oorplasing vanaf 1 September 1997 goedgekeur.

- ***Likwidasiekomitee van Oliesaderaad***

  'n Likwidasiekomitee het na 30 September 1997, die reëlings vir die afhandeling van die uitstaande sake van die Raad hanteer. Mnr Gert Pretorius, Voorsitter van NOPO en destydse Ondervoorsitter van die Oliesaderaad, het in die Likwidasiekomitee gedien.

## Gesprekke oor samewerking tussen NOPO en NAMPO

Reeds vanaf Maart 1997 is gesprekke op beide administratiewe en beleidsvlak tussen NAMPO en NOPO gevoer. Die doel van hierdie gesprekke was om modelle vir toekomstige samewerking te ontwikkel. Dit was van meet af duidelik dat daar baie in gemeen tussen NAMPO en NOPO was, aangesien 'n gedeelde visie bestaan het om die ekonomiese lewensruimte van mielie- en oliesadeprodusente te bevorder.

Die NOPO Hoofbestuur het op 14 Oktober 1997 aanbevelings vir samewerking met NAMPO goedgekeur. Die Voorsitters van NAMPO en NOPO, Gert Pretorius (NOPO) en Japie Grobler (NAMPO) het daarna die amptelike samewerking tussen die twee organisasies op 24 November 1997 met 'n mediaverklaring bekend gemaak. Die mediaverklaring het spesifiek vermeld dat NOPO en NAMPO steeds afsonderlik bestuur word en oliesade- en mielieprodusente deur ledegelde moes bydra om strukture te befonds.

## NOPO ledewerwing 1997

Die NOPO Kongres het in Februarie 1997 die beginsel goedgekeur dat die organisasie in die toekoms befonds moes word deur 'n vrywillige bydrae, by die eerste punt van verhandeling. Die NOPO Kongres sou jaarliks 'n besigheidsplan en begroting vir dienste aan oliesade produsente goedkeur. Die NOPO Hoofbestuur het op 14 Oktober 1997 voorstelle vir die invordering van 'n vrywillige bydrae as ledegelde goedgekeur. Die metodiek van vordering het voorsiening gemaak dat die Graan Silo bedryf en private kopers die invordering hanteer met die voorbehoud dat produsente 'n skriftelike mandaat vir die aftrekking onderteken het. Die vrywillige heffing vir die 1998 seisoen is as volg bereken:


- Sonneblom teen R2,60/ton
- Sojabone teen R2,81/ton
- Grondbone teen R5,19/ton

Bogemelde was bereken op 0,22% van die beraamde omset en prys vir die onderskeie gewasse.

Die NOPO Hoofbestuur het die beginsel goedgekeur dat 'n bedrag van R30 vir elke voltooide lidmaatskap aansoekvorm aan lede werwers uitbetaal word, met 'n borgskap ooreenkoms om werwingsaksies te ondersteun.

Die metode van 'n vrywillige bydrae per ton as ledegelde by die eerste punt van verhandeling, was 'n eerste vir landbou. Produsente was gewoond aan statutêre heffings wat sonder 'n skriftelike mandaat gevorder kon word. Die oorgang na 'n stelsel waar 'n mandaat afgeteken moes word om vrywillige assosiasie te bevestig het unieke uitdagings gebied. Ooreenkomste is met kopers en koöperasies aangegaan maar is die proses verder bemoeilik aangesien tradisionele koöperasie grense vir die lewering van produkte vervaag het in 'n vryemark omgewing.

Die proses van skakeling en kommunikasie met landbou besighede en oliesadeprodusente het egter die bewustheid gevestig vir 'n stelsel van vrywillige heffings, wat later suksesvol deur Graan SA geïmplementeer is. Hoewel die stelsel binne die NOPO strukture aanvaar is, het die implementering van die stelsel nooit werklik van die grond gekom nie, nadat bekendgemaak is dat NOPO en NAMPO 'n samewerkingsooreenkoms gesluit het. (Mediaverklaring, November 1997)




**Verskeie gesprekke is deur NOPO met rolspelers, asook die Grondboneforum gevoer, ten einde die integriteit van die grondbonesaadskema binne 'n vryemarkomgewing in stand te hou. Die praktyk het egter geleer dat 'n eenvoudige oplossing nie moontlik was nie. NOPO Nuus, 1997.**

## Ander bedryfsake van belang

Die NOPO Kongres het in Februarie 1997 versoek dat produsente ooreenkomstig die olie inhoud van sonneblom saad vergoed word. Na afloop van Kongres is verskeie navrae aan kopers en verwerkers gerig om produsente volgens die olie inhoud van sonneblomsaad te vergoed. Terugvoer van die silo-industrie was egter dat dit nie logisties moontlik sou wees om sonneblomsaad volgens olie inhoudsvlakke te berg nie.

Senwes het egter in November 1997 bekend gemaak dat daar in oorleg met kopers besluit is om wel gedurende die 1998-seisoen sonneblom op 'n oliebasis aan te koop. Die produsente prys sou bereken word op 'n olie-inhoud van 42% met 'n glyskaal vir betaling indien die olie-inhoud hoër of laer as die 42% was.

## Grondbonesaadskema: Gedragskode

Die Grondboneforum het aanbeveel dat 'n gedragskode vir die saadskema in plek gestel word. Die wese van die besluit was dat selfregulering toegepas moet word. 'n Werkgroep is versoek om metodes te ondersoek oor die wyse waarop die gedragskode geïmplementeer kon word. Korttermynwins met grondbonesaad het egter dikwels uitkomste bepaal, sonder dat die langtermynimpak daarvan verreken is.

## 1998: Beplanning, oorgang en eenheid in die graanbedryf

Die jaar 1998 sal onthou word vir deurslaggewende besluite deur leiers in die graan- en oliesadebedrywe om eenheid te bewerkstellig.

Aanvanklik was die fokus van gesprekke tussen NOPO en NAMPO op samewerking maar het die grense van onderhandeling verskuif na eenheid in die graanbedryf. Die WPO (wintergraan) en die SPO (sorghum) het met verloop van tyd by hierdie gesprekke betrokke geraak en daarop ingekoop.

Die behoefte is ook deur produsente op grondvlak uitgespreek dat eenheid in die graanbedryf deur 'n enkele bedryfsorganisasie gevestig sal word. Hierdie benadering het algemene steun ontvang, aangesien baie produsente met somer-, wintergraan en oliesade in 'n wisselboustelsel op dieselfde plaas geboer het.

NOPO het in die aanloop tot deregulering en die ontbinding van die Oliesaderaad op verskeie vlakke met bedryfsrolspelers saamgewerk om verhoudinge



met hulle te vestig. Vir die 1998 NOPO-kongres is 'n "oop gesprek" oor die toekoms van die oliesadebedryf by die program ingesluit, met uitnodigings vir voorleggings aan die Oliepersersvereniging, AFMA, die Graan Silo Bedryf, Safex en Agri Mark tendense. NOPO se Dagbestuur het ook besluit om die Voorsitter van NAMPO as openingspreker na die 1998 NOPO-kongres te nooi, sodat reeds tydens dié Kongres in Februarie 1998, begin kon word om 'n boodskap van eenheid in die graanbedryf te vestig.

## Besoek aan Minister Derek Hanekom

Op 15 Oktober 1998 het 'n NOPO afvaardiging 'n besoek by Minister Hanekom afgelê. NOPO is verteenwoordig deur Pretorius, Vermaak en mnr Basie Ntsimane. Die uitnodiging van die Minister vir toeligting, is op kort kennisgewing ontvang en is die geleentheid benut om die Minister in te lig van die bydrae van die oliesadebedryf in die plaaslike ekonomie, die skep van werksgeleenthede en die ondersteuningsrol van NOPO binne die bedryf. Die geleentheid is verder benut om die Minister in te lig van die NOPO ontwikkelingsprogram.

## Besluitneming en mandate vir eenwording in die graanbedryf

Tydens die NOPO Kongres in Februarie 1998, is 'n eenparige mandaat deur die Kongres aan die Hoofbestuur van NOPO verleen om voort te gaan met samesprekings met NAMPO en ander bedryfsorganisasies, met die doel om 'n enkele bediening struktuur vir graanprodusente te vestig.

Die Dagbesture van NOPO en NAMPO het op 19 Augustus 1998 te Bothaville ontmoet, waartydens besin is oor sleutel elemente om die eenwordingsproses te laat slaag. Tydens hierdie gesprek is bevestig dat beide die NOPO en NAMPO Kongresse 'n mandaat verleen het om voort te gaan met 'n gesprek oor eenwording.

Goeie gesindhede tussen die leierskap van NOPO en NAMPO het positiewe gesprekke moontlik gemaak. NOPO en NAMPO was egter twee totaal onafhanklike organisasies, elk met hul eie kultuur en fokusareas, as gevolg van die verskillende gewasse wat gedien is. Dit bly 'n pluimpie vir die destydse leierskap dat verskille oorbrug kon word.

Vir die NOPO Dagbestuur was dit noodsaaklik dat in die model van, aanvanklik samewerking en later samesmelting, die beginsel van spesialis bediening vir die onderskeie graan- en oliesade gewasse behou moes word. Binne die NAMPO-stal was die fokus slegs op wit- en geel mielies, maar binne die NOPO verwysingsraamwerk is drie bedrywe (sonneblom, sojabone en grondbone) egter bedien.

Die NOPO Hoofbestuur het besluit dat ewewigtige bediening vir al drie oliesade moet plaasvind en het die NOPO Kongres ook die praktyk gevestig dat wegbreekgroepe vir sonneblom, sojabone en grondbone plaasvind, sodat bedryfspesifieke sake hanteer kon word. Vir NOPO was dit dus 'n kernelement van die gesprek oor eenwording, dat oliesade steeds per gewas in 'n nuwe organisasie bedien sou word.

Die Grondwet wat uiteindelik deur Graan SA aanvaar is, het spesifiek voorsiening gemaak vir Spesialiswerkgroepe binne Graan SA en dat kundigheid in die Hoofbestuur gekoöpteer kon word, indien daar nie voldoende kundigheid vir 'n bedryfsektor onder verkose hoofbestuurslede was nie.

## 1999: Afsluiting van NOPO en stigting van die Graanprodusente-organisasie

Gedurende die eerste semester van 1999 is gefokus op finale reëlings vir die uitfasering van NOPO as bedryfsorganisasie. Talle vergaderings het plaasgevind om die oorgang en afsluiting só te hanteer dat die belange van oliesadeprodusente steeds in die proses gedien sou word.

Die nuwe bedryfstrukture wat na die sluiting van die Oliesaderaad gevestig is, was ook aktief en NOPO het deur sy verteenwoordigers 'n konstruktiewe bydrae gelewer in die nuwe Oliesadetrust, Oliesade Advieskomitee, Navorsingsprioriteitskomitee, Sonneblom- en Sojaboonforum, asook die Grondboneforum.






**Tydens NOPO se afskeidsdinee op 17 April 1999 het die hele Hoofbestuur hierdie gedenksertifikaat onderteken.**



### *NOPO se Hoofbestuur neem afskeid*

NOPO se Hoofbestuur het op 17 April 1999 tydens 'n finale Hoofbestuursvergadering afskeid geneem. Hierdie was 'n spesiale geleentheid, aangesien twee groot doelwitte bereik is, deurdat:

- Die oliesadebedryf se strukture in plek was en aktief gefunksioneer het, naamlik die Trust, Advieskomitee, Forums en die Tegniese komitees van die Forums.
- Die onderhandelinge vir die vestiging van die te stigte Graanprodusente-organisasie afgehandel was.

NOPO se Hoofbestuur wou egter tydens die finale Hoofbestuursvergadering bevestig dat die beginsel van spesialisbediening van die kleiner bedrywe steeds in die strukture van die nuwe Graanprodusente-organisasie moontlik sou wees, en dat nie slegs mieliebelange in 'n nuwe struktuur gedien sou word nie. Gevolglik is versoek dat spesialisbediening vir sonneblom-, sojaboon- en grondboneprodusente in die grondwet van die nuwe organisasie verskans sou word en dat hierdie mandaat tydens NOPO se Afsluitingskongres herbevestig word.

Tydens die afskeidsdinee het die NOPO Hoofbestuurslede elk 'n gedenksertifikaat onderteken. Hierdie gedenksertifikaat is na die ontbinding van NOPO aan die nuwe Graanprodusente-organisasie te Bothaville oorhandig, waarna dit in die raadsaal geplaas is. Van Zyl, as aangewese Uitvoerende Beampte van die nuwe Graanprodusente-organisasie, het ook die NOPO afsluitingsfunksie bygewoon.

### *NOPO Afsluitingskongres*

NOPO se afsluitingskongres het op 9 Junie 1999 in die Fanie Ferreira Saal op die NAMPO Oesdagterrein (later bekend as NAMPO Park) plaasgevind.

Die tema van die openingsrede van Pretorius was: "NOPO het 'n verskil gemaak". In 'n persberig ná die Kongres, is hy soos volg aangehaal:

*"Ons kyk met trots terug na die werksaamhede van NOPO oor die afgelope vyf jaar, maar ook met vertroue vorentoe, waar produsente deur saamgevoegde vermoë, kundigheid en leierskap uitdagings sal aanspreek. Hierdie Kongres lei tot 'n nuwe era, waar alle graanprodusente in Suid-Afrika binne 'n enkelorganisasie 'n tuiste sal vind".*

Die Kongres het versoek dat die Hoofbestuur van die nuwe Graanprodusente-organisasie spesifiek aandag sal gee aan 'n aantal oliesade aangeleenthede wat vir die doel as kongresbesluite omskryf is. Die Sonneblom, Soja- en Grondbone Werkgroepe het hierdie sake na eenwording binne die strukture van Graan SA hanteer.

### *Mosie vir die ontbinding van NOPO en afsluiting van die Kongres*

In terme van die riglyne van die reglement is 'n mosie vir die afsluiting van die werksaamhede van NOPO aan Kongres voorgelê. Die Kongres het die mosie eenparig goedgekeur.

Verskeie dankbetuigings is gelewer waarna die Kongres met 'n gebed deur mnr Adriaan Ferreira van Hoopstad afgesluit is.

## Steun aan ontwikkelende oliesadeprodusente vanaf 1996

NOPO het gedurende sy bestaan belangrike en waardevolle bydraes tot die ontwikkelende landbousektor gemaak, wat na eenheidswording in Graan SA voortgesit en uitgebrei is.

Die ontwikkelingsmodel van NOPO, via 'n streekskantoor, met betrokkenheid by ontwikkelende produsente in 'n bepaalde gebied, is na die stigting van Graan SA ook met sukses in ander gebiede geïmplementeer. NOPO het met ontwikkelende landbou begin lank voordat dit 'n modewoord in landbou was, omdat dit die regte ding was om te doen. Die aksie is ook gedryf deur leiers in NOPO se Hoofbestuur vir wie dit 'n passie was om as mentors op te tree.

NOPO se betrokkenheid in die opsig is vervat in Hoofstuk 8, wat fokus op ontwikkelende landbou in die graan- en oliesadebedrywe.

## Betrokkenheid by die Oliesadebedryf

NOPO het voor die stigting van Graan SA, met die bedryfstrukture ooreengekom om as oorgangsmaatreël, sekretariaat dienste aan die Trust (OPOT), die Oliesade Advieskomitee, die Navorsingsprioriteitskomitee en die Forums te bied.

Die sekretariaatdienste aan die Forums is met verloop van tyd aan ander diensverskaffers oorgedra sodat die produsenteverteenwoordigers onbevange aan debatte kon deelneem. Ná die stigting van Graan SA is besluit dat voorgesette sekretariaatdienste as oorgangsmaatreël aan die Oliesade Advieskomitee en Navorsingsprioriteitskomitee gelewer sou word. 'n Voltydse Administrateur (mnr Gerhard Keun) is in 2000 deur die oliesadebedryf aangestel om die administrasie van die Trust, Advieskomitee en Navorsingsprioriteitskomitee oor te neem.



# WINTERGRAAN PRODUSENTE-ORGANISASIE (WPO)

## Stigting

Voor September 1989 het die verantwoordelikheid vir bedryfsbediening van wintergraanprodusente by georganiseerde landbou berus. Die strukture wat daarvoor verantwoordelik was, was die Nasionale Bedryfskomitee vir Koring en ander Wintergraan van SALU (die Nasionale Wintergraankomitee), tesame met die Wintergraankomitees van die provinsiale landbou-unies, naamlik die Transvaalse, Vrystaatse, Noord-Kaaplandse en Wes-Kaapse Landbou-unies (TLU, VLU, NKLU en WKLU).

Die wintergraankomitees is op provinsiale vlak saamgestel by wyse van nominasie van persone uit die verskillende distrikslandbou-unies. Verteenwoordigers op die Nasionale Wintergraankomitee is op grond van produksievolumes aangestel. Die Wes-Kaap, waar die meeste wintergraan geproduseer is, het dus die grootste verteenwoordiging op die Nasionale Wintergraankomitee gehad.

Teen die laat 1980's het die beweging na spesialisering in landbou momentum begin kry. Die Nasionale Wintergraankomitee het deeglik van die veranderende omstandighede kennis geneem. Op sy vergadering van 15 September 1988 het die Komitee in beginsel aanvaar dat dit noodsaaklik geword het om 'n kritiese evaluasie te maak van die strukture wat vir bediening van die wintergraanprodusente beskikbaar was.

Dit het gelei tot 'n aanbeveling van die Nasionale Wintergraankomitee dat 'n nasionale bedryfsorganisasie met 'n eie identiteit, 'n nuwe naam en eie logo, vir wintergraanprodusente gestig moet word. Die aanbeveling het verder behels dat die organisasie steeds binne die SALU-strukture sou funksioneer, met behoud van die Nasionale Komitee van SALU as die hoogste gesag in die bedryf.

Die aanbevelings is vir verdere oorweging na SALU en die Koringraad verwys. Dit blyk dat die aanbevelings gunstige oorweging geniet het, aangesien die Nasionale Wintergraankomitee tydens sy vergadering van 15 Maart 1989 besluit het dat 'n nasionale produsente-organisasie, soos wat in die vooruitsig gestel is, gevestig sal word. Daar is besluit dat dit as die Wintergraan Produsente-organisasie (WPO) bekend sol staan. Dit was ook die laaste vergadering van die Nasionale Bedryfskomitee vir Koring en ander Wintergraan wat daarmee ontbind het.

Mnr J Neethling is as die eerste Voorsitter van die WPO verkies, met mnr WE Pienaar as Visevoorsitter. Mnr Nico Hawkins is as die eerste Bestuurder van die WPO aangestel.

Die WPO se hooffunksie was om as produsente-organisasie en dus as die spreekbuis van die wintergraanprodusente te dien. Die Organisasie het na sy stigting 'n kernrol in die hantering van wintergraanprodusente se belange en die wintergraanbedryf in die algemeen vervul.



**Mnr Andries Beyers, Voorsitter van die WPO, 1999.**

Na aanleiding van 'n Hoofbestuursbesluit van 4 April 1991 is die funksie om die produsentelede op die Koringraad te benoem, deur die WPO oorgeneem. Ingevolge die besluit sou twee lede deur die WPO van die VLU en een lid deur die WPO van die WKLU benoem word. Verder is besluit dat die koringraadslid



wat voorheen deur Unie Graan benoem is, voortaan deur die Hoofbestuur van die WPO benoem sou word. Dit het beteken dat die WPO-strukture vanaf 1993 al die produsentelede vir aanstelling op die Koringraad benoem het.

## Eerste vergadering

Die WPO se eerste Hoofbestuursvergadering is op 14 September 1989 te Gordonsbaai gehou en is deur die Voorsitter van die Koringraad, mnr Eddie Pienaar, bygewoon.

Tydens die vergadering is verslag gedoen oor samesprekings tussen die WPO, NAMPO en die Nasionale Graansorghumkomitee gevoer is. Volgens die verslag het die verteenwoordigers van die verskillende organisasie heelwat raakpunte en gemeenskaplike probleme tussen die verskillende bedrywe geïdentifiseer wat na hulle mening gesamentlik moontlik meer suksesvol aangespreek kon word. Dit is interessant dat hierdie aspek sowat ′n dekade later ook een van die beweegredes vir die vorming van Graan SA was.

Op die vergadering is ook kennis geneem dat die navorsingstruktuur en -funksie van die Departement van Landbou en Watervoorsiening oorgedra sal word aan ′n outonome navorsingsraad, die Landbounavorsingsraad (LNR), wat alle bevolkingsgroepe kon bedien en alle landboukundige navorsing sou koördineer en ondersteun. ′n Voorlegging met volledige besonderhede oor die doel en funksies, bestuur, befondsing en ander aspekte van die LNR is bespreek.

## Durumkoring

Op 15 Februarie 1990 is ′n vergadering van verteenwoordigers uit alle koöperasiegebiede waar durumkoring geproduseer is, te Hopetown gehou. Tydens daardie vergadering is versoek het dat ′n permanente komitee onder beskerming van die WPO geskep word om die belange van durumkoringprodusente te behartig.

Hierdie versoek is op 21 Maart 1990 deur die WPO se Hoofbestuur goedgekeur. ′n Subkomitee vir durumkoring is gestig wat uit verteenwoordigers van die Koringraad, Fatti's & Moni's, Suid-Westelike Transvaalse Landbou-Koöperasie, Prieska Vleiskoöperasie, Hopetown Koöperasie, Oos-Kaapse Landboukoöperasie, Douglas Koöperasie en Albert Koöperasie saamgestel is.

## Nuwe Voorsitter

Op die WPO se Hoofbestuursvergadering van 18 September 1991 het mnr Chappie Ferreira, verteenwoordiger van die Vrystaatse WPO, die Voorsitterskap van die WPO by Neethling oorgeneem. Die Hoofbestuur het ook besluit om ′n versoek tot die Koringraad te rig dat die WPO die geleentheid gegun moet word om jaarlikse prysvoorlegging aan die Koringraad te maak. Tot op daardie stadium is daardie voorlegging deur een van die Koringraad se lede gemaak. Die Koringraad is ook versoek om toestemming te verleen dat mnre H Claasen en F du Bois die voorlegging aan die Koringraad kon maak.

## Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet

Met die aanstelling in 1992 van die Kassier-komitee om ondersoek na die Bemarkingswet in te stel, het die WPO kommentaar opgestel wat ter ondersteuning van die Koringraad se voorlegging aan die Komitee aangebied is. In reaksie op die finale Kassierverslag het die Voorsitter van die WPO, mnr Andries Beyers, daarop gewys dat ondervinding geleer het dat die deregulering van landboumarkte nie noodwendig tot goedkoper voedsel lei, soos wat in persberigte beweer is nie.

Na aanleiding van die Kassierverslag het die WPO tot die besef gekom dat die Regering se uiteindelike besluit oor statutêre bemarking moontlik die WPO se toekomstige finansiering en funksionering kon beïnvloed. Gevolglik het ′n Voorsitterskomitee van die WPO op 10 Junie 1993 met verteenwoordigers van die ANC vergader ten einde op hoogte te kom van die ANC se siening oor landboubeleid. Terselfdertyd is die WPO, as die verteenwoordiger van wintergraanprodusente, se siening oor die wintergraanbeleid aan die ANC oorgedra.

Die WPO se Hoofbestuur was van mening dat dit noodsaaklik was om te verseker dat die WPO, hetsy in sy bestaande of ′n gewysigde vorm, sou moes voortbestaan.



Gevolglik is 'n werkgroep bestaande uit mnre Beyers, Crawford von Abo, Du Bois en Hawkins op 15 September 1993 saamgestel om alternatiewe metodes vir befondsing van die WPO te ondersoek wat geïmplementeer kon word indien statutêre heffings sou wegval.

In die aanloop tot die veranderings aan die Bemarkingswet van 1968 was wintergraanprodusente van mening dat die statutêre eenkanaalbemarkingstelsel steeds die beste metode vir bemarking van die Suid-Afrikaanse wintergraanoes, veral koring en gars, was. Die WPO se bestuur was van mening dat 'n gelyke speelveld in die bedryf slegs moontlik was indien die produsente gesamentlik kon beding.

Die Koringraad het die WPO se siening ondersteun deur die Kassier-komitee daarop te wys dat alle graanproduserende lande in die wêreld een of ander vorm van beskerming aan sy produsente bied of beheer oor sy bemarkingstelsel uitoefen. Die Koringraad het betoog dat die Wintergraanskema uitstekend daarin geslaag het om die mark ten opsigte van wintergraan te orden. Die Kassier-komitee het egter nie met dié siening saamgestem nie.

## Nuwe Bemarkingswet

Op die WPO se Hoofbestuursvergadering van 26 Maart 1996 is kennis geneem van die Wetsontwerp op die Bemarking van Landbouprodukte wat in die Staatskoerant gepubliseer is. Die Wetsontwerp is ook tydens die vergadering van die Voorsitterskomitee op 25 Junie 1996 bespreek, by welke vergadering kennis geneem is dat die nuwe Bemarkingswet waarskynlik voor die einde van 1996 in werking sou tree.

Op 2 Oktober 1996 is die nuwe Wet op Bemarking van Landbouprodukte inderdaad afgekondig vir inwerkingtreding op 1 Januarie 1997. Dié wet, wat ingrypende verandering teenoor die Bemarkingswet van 1968 ingevoer het, het ook baie druk op die wintergraanbedryf geplaas om aanpassings ooreenkomstig die bepalings daarvan te maak.

Die Koringraad het 'n besigheidsplan opgestel, soos vereis in terme van die Bemarkingswet van 1996. Die besigheidsplan is in sy geheel deur die WPO se strukture bespreek en die WPO het volledige insette daarop gelewer. Daarbenewens het die WPO se Hoofbestuur besin oor toekomstige bemarking van wintergraan en besluit dat die WPO as 'n produsente-organisasie nie by die bemarking van wintergraan betrokke sal raak nie. Daar is besluit dat Unie Graan versoek sal word om 'n wintergraanbedryfskomitee binne Unie Graan se strukture te vestig waar koördinering ten opsigte van die bemarking van wintergraan kon plaasvind.

Die WPO se Hoofbestuur het ook besluit dat die volgende twee versoeke in die besigheidsplan opgeneem moet word:

- 'n Versoek vir die instelling van 'n statutêre heffing vir finansiering van navorsing; en
- 'n versoek dat oorbruggingsfinansiering vir een jaar aan die WPO voorsien word.

Op aanbeveling van die Provinsiale WPO-kongresse is ook besluit dat die WPO moes bly voorbestaan.

Ten einde die WPO in staat te stel om die belange van die wintergraanprodusente behoorlik te kan behartig, het die organisasie by die Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR) aansoek gedoen vir registrasie as 'n direk geaffekteerde groep.

In terme van die Wintergraanskema wat met die inwerkingtreding van die nuwe Bemarkingswet gegeld het, was alle produsente verbied om hulle produkte aan enige ander koper as die Koringraad te lewer. Dit sou in die 1997/1998-seisoen beteken dat alle koring tot en met die beëindiging van die Wintergraanskema op 30 Oktober 1997 slegs aan die Koringraad verkoop kon word. Daarna sou dit egter vryelik verhandelbaar wees, wat beteken het dat 'n gedeelte van die oes in die beheerde markomgewing verkoop moes word en 'n gedeelte onder vryemarktoestande. Ten einde die probleme wat dit geskep het aan te spreek, het die WPO se Hoofbestuur die Koringraad versoek om die verbodsbepaling reeds vanaf 1 September 1997 op te hef. Die versoek is deur die Minister van Landbou goedgekeur.

## Befondsing

Aanvanklik was die WPO deur middel van statutêre heffings, die sogenaamde Artikel 35-heffings, befonds. Dit is egter met die afskaffing van die beheerrade





WPO

WINTERGRAANPRODUSENTE-ORGANISASIE

1955 – 1999

HERDENKSERTIFIKAAT

Hierdie sertifikaat word onderteken deur die lede van die Hoofbestuur van die Wintergraanprodusente-organisasie ter ondersteuning van die stigting van die Nasionale Graanprodusente-organisasie in Suid Afrika. Die Wintergraanprodusente-organisasie word derhalwe ontbind as bewys van samewerking om een organisasie daar te stel wat spesialisbediening aan alle graanboere in Suid-Afrika sal lewer.

Geteken te Bothaville op hierdie 9de dag van Junie 1999

**Op 9 Junie 1999, tydens hul afsluitingskongres, het die WPO se Hoofbestuur hierdie gedenksertifikaat onderteken, ter ondersteuning van die stigting van die GPO.**



**Mnr Pieter Morkel, Voorsitter van die SPO, 1999.**

geskrap, as gevolg waarvan die Nasionale WPO ʼn beroep op wintergraanprodusente gedoen het om die WPO deur middel van vrywillige bydraes te finansier Die bedoeling was dat die Nasionale WPO se begroting op basis van produksievolumes na die verskillende Provinsiale WPO's toegedeel word.

Hoewel die wintergraanprodusente baie goed tot die vrywillige heffing ter befondsing van die WPO bygedra het, het dit ʼn addisionele koste op hulle gelaai. Hierdie addisionele koste het later ʼn rol gespeel by die oorweging van samesmelting met die produsente-organisasies van die ander graanbedrywe, wat in die volgende hoofstuk vervat is.

Die WPO se rol in en betrokkenheid by die inisiatief om die verskillende graanbedrywe se produsente-organisasies in 1999 onder een dak te verenig, word in die volgende hoofstuk vertel. Hier word volstaan deur te sê dat die WPO ʼn besliste bydrae tot die stigting van Graan SA gelewer het.

Na die stigting van Graan SA is die sake waarmee die WPO hom besig gehou het, deur die Spesialiswerkgroep vir Wintergrane hanteer. Daarna was dié Werkgroep verantwoordelik vir die identifisering van brandpunte in die wintergraanbedryf, wat dan na die verantwoordelike afdeling of besturende liggaam binne Graan SA verwys is.

## DIE SORGHUMPRODUSENTE-ORGANISASIE (SPO)

### Stigting

Die sorghumprodusente in Suid-Afrika se belange as produsentegroep is tradisioneel deur die provinsiale landbou-unies se produsente-organisasies vir graansorghum hanteer.

Dit het gedurende Maart 1994 egter verander met die stigting van die Sorghumprodusente-organisasie (SPO) op 24 Maart 1994 te Vanderbijlpark. Hoewel die SPO ʼn spesialiteitsorganisasie was, was dit steeds by SALU geaffilieer, soos ook die geval was met NOPO.

### Struktuur

Die SPO was nie soos tydens die vorige bedeling in provinsiale strukture verdeel nie, maar wel in spesifieke gebiede wat sorghumprodusente landwyd sou verteenwoordig. Die organisasie was naamlik in tien gebiedsbesture georganiseer wat almal aan die Hoofbestuur en Nasionale Kongres (as hoogste gesag) verantwoording gedoen het.

Benewens die Kongres en Hoofbestuur, is ʼn Dagbestuur gevorm en ʼn Sekretariaat ingestel om die sake van die SPO te administreer.

### Doelstellings

Die SPO se hoofdoel was om ʼn verteenwoordigende nasionale organisasie vir die sorghumbedryf te vorm en die belange van die sorghumprodusente te behartig. Die

| Die eerste Hoofbestuur van die SPO het uit die volgende lede bestaan: | |
|---|---|
| Mnre | JD Tonkin (Voorsitter) |
| | JNS du Plessis (Ondervoorsitter) |
| | JV Roux |
| | D Hattingh |
| | SP Wessels |
| | E van Jaarsveld |
| | ML van der Westhuizen |
| | AHJJ Strydom |
| | HJ Bonnet |
| | W Wierenga |
| | WA Kruidenier |
| | PH Ferreira |
| | PW Morkel |
| | APJ du Plessis |
| | TPJ Swart |

| Ander persone wat gedurende die bestaan van die SPO op die Hoofbestuur gedien het, was: | |
|---|---|
| Mnre | EE du Plessis |
| | J Scott |
| | JV Roux |
| | A Herbst |
| | JJ van Niekerk |
| | APJ van Zyl |
| | A Odendaal |
| Mnr Johan Swarts is as die SPO se eerste Bestuurder aangestel. | |

SPO sou ook die inisiatief neem om op 'n gekoördineerde wyse die beste moontlike dinamiese posisie vir die sorghumprodusente te handhaaf.

Terwyl die Sorghumraad die belange van die breë bedryf (insluitende die produsente) behartig het, was die SPO uitsluitlik 'n produsente-organisasie wat onafhanklik as deel van SALU gefunksioneer het.

Die SPO het, onder andere, die volgende sake aangespreek:

- Sorghum as ekonomies-lewensvatbare gewas;
- markverwante produksie;
- doelmatige opberging; en
- bedryfsverhoudings.

Gemeenskaplike probleme wat ten opsigte van saad, vinkbestryding, gradering en die bemarking van sorghum ondervind is, is deur die SPO hanteer.

## Befondsing

Die SPO het per ooreenkoms jaarliks 'n begroting by die Sorghumraad ingedien. Hierdie kostes het in die 1995/1996-verslagjaar R338 563 beloop, wat 'n koste per ton van R1,71 verteenwoordig het, gemeet teen die 1995-sorghumoes.

## Momente en prestasies

In 1998 het die SPO Ere-visevoorsitterskap aan mnr JD Tonkin toegeken.

Tonkin was 'n stigterslid van SAGIS, stigterslid van die Sorghumforum en lid van die IGG SGS Beplanningskomitee. Hy was 'n lid van die laasgenoemde komitee wat in






**Al die aanwesiges by die SPO se laaste kongres op 9 Junie 1999 het dié gedenksertifikaat onderteken.**

1997 die bemarkingsmaatskappy Sorghum SA (Pty) Ltd gestig het met die doel om sorghum te bemark.

Mnr Pieter Morkel is met die ontbinding van die Sorghumraad deur Minister Hanekom (Landbou) aangestel om die produsente op die Likwidasiekomitee van die Sorghumraad te verteenwoordig.

## Samesmelting en vorming van Graan SA

Gedurende 1997 het Van Zyl, NAMPO se Hoofbestuurder, by geleentheid van ′n Algemene Raadsvergadering van SALU vir Ferreira van die WPO en Morkel van die SPO genader oor die moontlikheid van samesmelting van die verskillende produsente-organisasies. Beide dié persone was op daardie stadium nie ten gunste van samesmelting met NAMPO nie, omdat hulle nie gemaklik was met wat hulle as NAMPO konfronterende styl teenoor die Regering en ander rolspelers, soos kopers, beskou het nie. Die SPO het ook oorheersing deur NAMPO gevrees.

Na die ontbinding van die Sorghumraad en die verlies aan finansiële bystand wat daarmee gepaardgegaan het, het die SPO finansieringsprobleme begin ondervind. Dít, sowel as die invloed van gesprekke wat die SPO met van die ander spesialisorganisasies gehad het, het die SPO beweeg om as party tot die samesmelting betrokke te raak. Die eerste sodanige geleentheid was op 17 November 1998 tydens ′n gesamentlike vergadering van die Dagbesture van die SPO, WPO, NOPO en NAMPO in NAMPO se Raadsaal te Bothaville.

Die SPO se ontbindingskongres is op 9 Junie 1999 te Standerton gehou. Dit was bygewoon deur genoeg lede om ′n kworum te vorm ten einde die besluite tot samesmelting deur te voer. Op daardie stadium was Morkel die Voorsitter van die SPO.

Na ontbinding van die SPO en die stigting van Graan SA is sorghumprodusente se belange deur ′n spesialiswerkgroep van Graan SA behartig.

